ALUMNItydskrif

NWU&U

as alumni

NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

Volume 4 nr 1 2012

Vroegoggend-koffie met **Katlego**

Kom ons ry weer **fiets**

Mooi, mooier, **mooiste**

Johann Coetzee: Verskeidenheid is ‘n leefwyse vir hom

Voorblad
Mnr Katlego Maboe, 'n alumnus van die Potchefstroomkampus, is die aanbieder van 'n TV-oggend-program, Expresso, en lid van die a capella-sanggroep, Flip a Coin. Lees meer oor sy aktiwiteite in die vermaaklikheidsbedryf op p26.

Inhoud

Redaksioneel

4 Boodskap van die visekanselier

5 Dit gaan oor geleenthede
NWU-kundiges ken hul storie

6 Dit kom van ver af

Artikels

8 Moedige musikante
ontvang kanseliersmedaljes

9 Borgskap erken weer
uitnemende joernalistiek

10 Alumni-aktiwiteite

12 Kampusnuus

14 Voeding-foendi wêreldwyd vereer

Artikels

15 Passie laat hulle presteer

16 NWU vier voortreflike onderrigvaardighede

17 Ontsluit moontlikhede vir huiseienaars

18 Nie sommer been voor paaltjie nie

20 'n Leier met 'n groot hart

21 Werkwoordman se rykdom lê in ervaring

22 Hy verander uitdagings in geleenthede

24 Stilsit is min en ophou nog minder

26 Katlego skitter in vermaaklikheidsbedryf

28 Dakar op motorfiets gevolg

Artikels

29 Diana simboliseer nou eenheid

30 Ontwikkel jou potensiaal om gelukkig te wees

32 Mooi bly maar mooi

34 Hartsmusiek vir Christa Steyn

35 Gee jou mening oor die NWU & U



Boodskap van die visekanselier

Beste alumni

Ons is reeds in die vierde jaar van uitgawe van die NWU & U alumni-tydskrif en is dankbaar dat ons vanuit die oudstudent-geledere soveel positiewe kommentaar op die publikasie kry.

Hierdie tyd van die jaar is gewoonlik bestekopneemtyd. In hierdie uitgawe kan u lees hoe personeel en alumni van al drie NWU-kampusse hul merk maak in die gemeenskap. Ons kyk ook na die afgelope jaar se suksesse ten opsigte van die sleutelprestasieareas, wat aantoon dat die NWU steeds 'n sterk groeikurwe handhaaf.

- Die onderrig-leer-telkaart by die NWU wys dat studentegetalle van 2005 tot in 2011 met meer as 46% gestyg het. Terwyl die groei in kontakstudente ongeveer 17% beloop het, was die toename in afstandstudente vir dieselfde tydperk 116%. Dit wys duidelik dat die NWU, wat naas UNISA die tweedegrootste voorsiener van afstandsonderrig in Suid-Afrika is, ernstig is om 'n tasbare bydrae te lewer tot die voortgaande opleiding en bemagtiging van mensekapitaal in Suid-Afrika.

- 2011 was ook die jaar waarin die NWU 'n 85% slaagkoers in alle voorgraadse modules (vir kontak- en afstandstudente) behaal het – 'n 6%-styging in die slaagkoers sedert 2005.

- Die graadverwerwingskoers van 27% in 2011 (vergeleke met die nasionale graadverwerwingskoers van ongeveer 16%), bring die NWU weereens onder die toppresterende universiteite in hierdie verband in Suid-Afrika.

- 'n Totaal van 15 093 grade en diplomas is in 2011 op die verskillende kampusse van die NWU toegeken. As dit vergelyk word met die 7 764 wat in 2005 toegeken is, dui dit op 'n toename van 94% en plaas dit ons onder die top-drie universiteite in Suid-Afrika wat graad- en diplomatoekennings betref.

- Hierdie prestasie sou nie moontlik wees sonder toegewyde personeel by al die kampusse en die Institusionele Kantoor nie. Ek is baie trots op almal en bedank hulle vir hulle besondere toewyding en harde werk.

- Met betrekking tot die navorsingsuitsette wat in 2011 op al die kampusse behaal is, is dit duidelik dat dié jaar 'n hoogtepunt op navorsingsterrein vir die NWU was:
  - Danksy die sterk groei in gesubsidieerde publikasie-uitset, het die NWU se totale navorsingsuitset van 1 318 in 2010 tot 1 785 in 2011 gestyg (m.a.w. 'n styging van 33%). Indien hierdie uitset vergelyk word met die 865 eenhede wat 2005 se totale navorsingsuitset uitgemaak het, dui dit op 'n volle 103%-toename.

  - Artikelekwivalente het gegroei van 511 in 2010 tot 635 in 2011. Hierdie toename van 21% in net één jaar is merkwaardig.

  - Die gesubsidieerde publikasie-uitset het met 'n volle 35% toegeneem tot 781 eenhede, in vergelyking met die vorige jaar se 578 eenhede.

- Ons neem egter kennis van die konsolidering wat tans op nagraadse vlak blyk. Ten spyte van die marginale verbetering van 639 meestersgraadtoekennings in 2011 (in vergelyking met 633 in 2010), was die 339 PhD's wat in 2011 toegeken is 'n volle 12% minder as 2010 se 387. Hoewel hierdie tendens ook by ander Suid-Afrikaanse universiteite waarneembaar is, kan u seker wees dat ons besig is om te soek na kreatiewe oplossings.

- Die NWU is dit aan sy belanghebbendes verskuldig om effektief en doeltreffend te wees. Juis daarom is ek dankbaar om te berig dat dit goed gaan met die universiteit se finansies. Hoewel dit algaande moeiliker word om alle studenteskuld ingevorder te kry, stel ons effektiewe finansiële bestuur ons in staat om die fisiese infrastruktuur voortdurend te verbeter, om die selfgegenereerde inkomste te bly verhoog en om 'n gesonde surplus te bou.

Ten slotte is dit belangrik om te noem dat die NWU, soos alle Suid-Afrikaanse universiteite, opwindende en uitdagende tye beleef. Die universiteitsbestuur is daarvan oortuig dat die NWU goed geposisioneer is om 'n tasbare bydrae tot die kennisekonomie in Suid-Afrika te lewer.

Lees volgende keer nog meer oor die vordering wat ons in hierdie verband maak!

Groete

Dit gaan oor **geleenthede**

Wanneer 'n mens kyk na die lewens van die alumni oor wie ons in hierdie uitgawe skryf, is dit keer op keer duidelik dat die NWU vir hulle die plek was waar hul drome gebore is en hul toekomstige sukses ontwikkel het.

Vir hulle was die NWU ook die plek waar 'wat as' verander het na 'wat is' en 'dalk' na 'kan'. Gewapen met hierdie agtergrond, het hulle die wêreld ingegaan en hul ontluikende drome waar gemaak.

Wanneer 'n mens kyk na hoe hul lewens steeds ontwikkel, is daar twee dinge wat uitstaan. Die eerste is dat hulle met oorgawe lewe, en die tweede is dat hulle nie net vir hulself lewe nie – hulle ploeg dit wat hulle ontvang het, weer terug in die gemeenskap.

Op p17 lees ons hoe mnr Monnapula Motlogelwa sy kennis en ervaring aanwend om van mense huiseienaars te maak en op p18 lees ons hoe mnr Johan Cloete gesorg het dat Suid-Afrika se krieketskeidsregters op die wêreldkaart kom.

Me Tumi Hatla is 'n leier wat die korporatiewe leer wil bestyg, maar terselfdertyd wil verseker dat sy die lewens van ander positief beïnvloed – meer oor haar op p20.

Lees op p21 hoe mnr Johan Booyens deur sy joernalistieke loopbaan duisende mense ingelig en vermaak het. Nog iemand wat mense inlig en vermaak, is mnr Katlego Maboe. Op p26 vertel hy meer oor sy loopbaan as sanger en TV-aanbieder.

Prof Sipho Seepe lewer 'n reusebydrae tot die ontwikkeling van die gemeenskap. Lees op p22 hoe hy hom op politieke en opvoedkundige terrein beywer om mense se lewenskwaliteit te verbeter.

Prof Johann Coetzee (p24) is nog 'n voorbeeld van iemand wat deur sy vol lewe as bedryfsielkundige, professor, lewensredder, skrywer en postdoktorale navorser teruggeploeg het wat hy self ontvang het.

Hierdie alumni het een saak in gemeen: hul verbintenis met die NWU of sy voormalige instellings. Dit lyk dus of die inhoud van die NWU se nuwe handelsmerk-manifes – soos weergegee op die agterblad van hierdie uitgawe – in die kol is: By die NWU gaan dit nie net oor onderrig nie, maar oor die geleenthede wat onderrig bring.

Dit blyk ook uit die artikels dat die alumni hierdie geleenthede met geesdrif aangegryp het om waardevolle bydraes in die gemeenskap te lewer.

Voorwaar: dit is 'n instansie en alumni om op trots te wees.

Lekker lees,

Nelia en Marelize

NWU-kundiges ken hul storie

Die NWU se kundiges word dikwels in die media aangehaal, wat die openbare beeld van die universiteit uitbou as 'n instelling wat streef na kennis en innovasie om ander in staat stel om hul lewenskwaliteit te verbeter. In hierdie artikel deel ons van ons kundiges se kommentaar wat die afgelope tyd in die media gepubliseer is.

"Geen persoon of entiteit kan weens nalatigheid of andersins aanspreeklik gehou word vir die dood van Thabang Makhoang nie. Die verdrinking was 'n frats-ongeluk te midde van elke denkbare voorsorgmaatreël. Dit het plaasgevind tydens 'n gebeurtenis wat uitsluitlik vir pret en spanbou georganiseer is, en nie tydens enige vorm van ontgroeningspraktyk nie."

Mnr Peet van der Walt, Voorsitter: NWU-Raad
Beeld, 3 April 2012

"Omgewingsvriendelike metodes moet geïmplementeer word om die kwaliteit van mynwater te verbeter, want, as die waterkwaliteit goed is, kan mynwater gebruik word as 'n alternatiewe waterbron."

Prof Ingrid Dennis, Navorsingseenheid vir Omgewingswetenskappe en –bestuur, Fakulteit Natuurwetenskappe, Potchefstroomkampus
Mining Weekly.com, 4 Mei 2012

Redaksionele span: Nelia Engelbrecht en Marelize Santana, Louis Jacobs, Phenyo Mokgothu, Kiewiet Scheppel, Annette Willemse, Elmarie Cronje, Ronel Beukes van Zyl. **Bladuitleg:** Graphikos. **Drukwerk:** The Platinum Press. **Fotografie:** Maclez Studios, Nelia Engelbrecht, Phenyo Mokgothu, Kiewiet Scheppel, Annette Willemse. **Vir verdere navrae/korrespondensie:** Nelia Engelbrecht - Tel 018 299 4937, faks 018 299 4938. NWU & U word deur die Korporatiewe Sake en Verhoudinge-departement van die NWU in Engels en Afrikaans voorberei en uitgegee. Indien u nog kopieë wil hê, skakel gerus vir Nelia Engelbrecht. Om die NWU & U in elektroniese formaat te ontvang, stuur asseblief 'n e-pos aan marelize.santana@nwu.ac.za.

Dit kom

Die NWU & U het weer 'n hele klomp briewe van alumni ontvang. Ons deel graag die briefskrywers se menings, nostalgie en wyshede met die lesers.

Goeiedag daar in die ouland,

Wat 'n verassing! Sedert die bekende en geliefde PU vir CHO van die landkaart verdwyn het, is hierdie die eerste kontak van die nuwe NWU wat my bereik het. Baie dankie.

Ek was van 1969 tot 1973 'n student in Hombré, toe nog die opslaan-koshuis aan die eindpunt van die kampus.

Mense soos prof Dekker, prof Tiedt, prof Stoker, prof Reinecke en prof Offermeier het ons kennis bygebring en ds D'Assenville die Calvinisme, en deur alles heen het ons staande gebly.

Na jare se wêreldomswerwing het ek my in die privaat-aptekerspraktyk gevestig; eers van 1980 tot 1994 in Bonnievale en tans in Mosselbaai.

Graag verneem ek van mede-oudstudente uit ons era waar hulle hulself bevind – miskien kan ons op 'n reünie weer ontmoet.

Met tuinroete-groete,
Cornelis-(Rattles) Cornelissen, Mosselbaai

Beste redaksie,

Dis my eerste oggend op kantoor na die reses; e-posse, gewone pos, boodskappe wat uiteindelik 'n woeste, deurmekaar lessenaar tot gevolg het. Met die oopmaak van die pos kom ek ook af op die ALUMNI-tydskrif Volume 3 nr 2 van 2011.

Met die deurblaai sien ek op p4 die foto van Theuns Eloff – dit laat my opkyk, want sien, teen een van my kantoormure hang twee kleinnode.

Dis die SR-foto's van 1975/76 en 1976/77 en daar sien ek Theuns ook, sowel as ander maters soos Div Lessing, Petrus Coetzee en al die ander. Ek het egter ook met skok besef dat van ons groep van destyds 'n paar nie meer met ons is nie. Ek blaai verder en sien toe die artikel (p20) van Davidson Mazibuko waarin hy die lewe as 'n reis ervaar. Stof tot nadenke.

Snaaks hoedat 'n foto van 'n bekende, 'n artikel wat jou interesseer en ander bekende dinge jou laat voel asof jyself nog gister op die PUK was. Ek en 'n vriend, Frik Snyman – ook 'n oud-Puk – boer ten minste een maal per week saam en dit word afgesluit met 'n braai onder die Kameelboom.

Dis dan wanneer ons studentelewe weer herlewe en rugbywedstryde teen oom Jan Tromp oorgespeel word. Dan moet mens inderwaarheid die lewe as 'n reis ervaar.

Dankie vir 'n puik tydskrif wat mens met nuwe onderneming 'n dag en jaar laat begin.

Hartlike groete vanuit 'n gulhartige Noord-Kaap en Upington.

Peet Badenhorst,
Hoof: Upingtonkampus, Vaal Universiteit van Tegnologie

Geagte redaksie,

Ek het die behoefte om die skrywe aan u te rig om dankie te sê vir 'n puik tydskrif wat aan ons alumni uitgestuur word.

Net ten aanvang, kortliks, wie ek is:

Hansie Coetzee, voorheen verbonde aan die Interne Oudit-afdeling in die Institusionele Kantoor, maar ek het steeds 'n blywende belangstelling in die universiteit, en daarom my groot dankie vir hierdie tydskrif wat geskep is.

Ek het my verbintenis met die PU vir CHO/ NWU op 1 November 1967 begin met 'n aanstelling in Finansiële Administrasie: Studente-debiteure.

In 2002 tree ek uit as adjunkdirekteur en senior interne ouditeur van die universiteit.

Daarna was ek tydelik betrokke in dieselfde departement tot einde 2010.

Verder was ons ook van die eerste studente wat vir die BCom na-uurs ingeskryf het in 1962, en vanaf Klerksdorp op Dinsdae en Donderdagaande hier kom klas loop het.

Die uitgawe Volume 3 nr2/2011 verwys.

Die artikels en die aanbieding daarvan is puik, asook die wonderlike nuus wat van al die alumni verskaf word.

Dit is veral wonderlik om van die prestasies van sovele oudstudente te kan verneem, en dit kan dan ook dien as aanmoediging vir alle ander geledinge van die NWU.

Hier is 'n duidelike bewys dat daar in ons land ook goeie dinge gebeur, wat nie altyd die nuus haal nie, en dat die NWU vir seker 'n groot bydrae op al die lewensterreine in ons land, Suid-Afrika, maak.

Op bladsy 32 regs bo word van Jurie Venter melding gemaak en ek meen dit is ds Jurie Venter wat in 1976 op Vryheid predikant was en ook my pa daar begrawe het.

Ek sou graag met ds Venter wat later die bediening verlaat het, wou kontak maak. Sou enigeen daarmee behulpsaam kon wees?

Die artikel op bladsy 32 het my veral laat terugdink aan ons aandklasse op Donderdagaande en die laaste drie periodes Ekonomiese Geskiedenis by prof Willie Venter (Kajafas), wat sy volle tyd gebruik het, al was die ouens in die bus al haastig, veral hier in die winteraande, heerlike dae!

JC Coetzee
Krugerstraat 143 / Beyers Naude, Potchefstroom

van ver af

1949 – Die biblioteek brand!

My pa, prof JF (Lappies) Labuschagne het die onderstaande stuk oor die biblioteek-brand in 1949, ongeveer 'n maand ná die gebeurtenis, geskryf.

Ek het die artikel van my pa onlangs tussen sy papiere en boeke gevind, en het gewonder of julle daarin sou belangstel.

Hy was sedert 1931 verbonde aan die Departement Afrikaans-Nederlands en het in 1965 as professor daar afgetree. (In sy brief in die laaste Alumni-tydskrif verwys Pieter Stümpfer ook na my pa.)

Ek was ook 'n student in Maatskaplike Werk (1946 tot 1949) aan die NWU en was hoofdame van die destydse Thaba N'kulu in die jaar van die brand.

Ons as dames was byderhand en was behulpsaam om te probeer red en meubels of toerusting uit die gebou te dra. Ek het selfs nog foto's wat van ons dames voor die brandende biblioteek geneem is.

Met beste wense vir julle met hierdie insiggewende en puik tydskrif,

Cilna van Wijk (née Labuschagne)
Pretoria Groenkloof

Hier volg 'n verkorte weergawe van die dokument wat Cilna se pa, prof FJ Labuschagne oor die biblioteekbrand in 1949 aan die voormalige PU vir CHO geskryf het:

'n Mens besef eers goed die betekenis van 'n universiteitsbiblioteek as bedink word dat dit alleen opgebou kan word deur jarelange toewyding, sorgvuldige keuse en moeisame versameling. Die verlies kan nie bloot in geldwaarde bereken word nie – daar het onherstelbare geesteswaardes verlore gegaan.

Die PUK sou Woensdag, 23 Februarie heropen vir die studiejaar 1949. Toe, effens voor agtuur, merk enkele studente van ver af iets wat soos rook bo die dak van die hoofgebou opstyg. Ondersoek bring die ontsettende ontdekking: die dak van die hoofgebou in die biblioteekvleuel is aan die brand!

Hoe rampspoedig: die vernaamste toegange na die biblioteek word eerste deur rookdampe, hitte en spoedig deur vlamme versper, en enige onderneming tot redding word lewensgevaarlik. 'n Aantal boeke word van die balkon af gegooi en in komberse opgevang. Die studente werk en veg soos besetenes ... die munisipale brandweer daag op ... wat hande het, help .... maar om die ramp te vererger: die waterslange pas nie op die krane nie!

Die referensie-afdeling word met 'n leer deur 'n venster bereik, maar rook en damp en hitte maak redding onmoontlik. Die militêre brandweer en dié van Witrand-inrigting kom byspring, maar 'n gedeelte van die dak stort reeds in. Al die tydskrifreekse en naslaanwerke word deur vlamme verteer ... die lokaal is een rooi gloed van binne ... vensterglas spat in flenters, die mure maak barste ... die dak stort met 'n gekraak neer!

Soos 'n hero veg 'n student, Victor D'Assonville, met 'n bestendige waterstraaltjie om die vuur daar te stuit. En eindelik word die bedreiging van vernietiging van die saal en verdere deel van die hoofgebou ook gestuit ...

En by alles ... die geloof is behou; die oortuiging gee maar weer krag en moed ... en blymoedigheid van hart ...

Prof FJ Labuschagne, 1949

Skryf gerus en vertel vir ons waar in die wêreld julle jul bevind en hoe dit met jul loopbane en gesinne gaan. Stuur julle briewe na *nelia.engelbrecht@nwu.ac.za* of faks dit na (018) 299 4938 of pos dit na Nelia Engelbrecht, Institusionele Kantoor, Noordwes-Universiteit, Privaatsak X1290, Potchefstroom, 2520.

ONS HOOR GRAAG VAN JULLE!

Moedige musikante ontvang kanseliersmedaljes

Twee gesiggestremde musikante, adv Stephen Kekana en mnr Babsy Mlangeni, se moed en passie vir musiek is beloon toe die Mafikengkampus op 10 Mei 2012 kanseliersmedaljes tydens die herfs-gradeplegtigheid aan hulle oorhandig het.

Die kanseliersmedaljes word toegeken aan mense wat besondere nie-akademiese prestasies behaal of uitsonderlike bydraes op enige lewensterrein lewer.

Geen wonder dus dat Babsy en adv Stephen vereer is vir hul voortgesette bydrae tot die nasionale én internasionale musiekbedryf nie.

Wat verder gelei het tot die toekennings, is hul bydraes op die terrein van menseregte, gelykheid en versoening, en tot die bevordering van sosiale geregtigheid en opvoeding deur musiek.

Daarby dien hulle ook as rolmodelle wat talle hindernisse met volharding oorkom het.

Aanhouer wen

Albei se lewens getuig inderdaad van talent en deursettingsvermoë.

Adv Stephen, 'n arbeidskonsultant by Legal Smart, is in 1958 naby Zebediela in die Limpopoprovinsie gebore en het reeds 43 albums en meer as 70 goue plate op sy kerfstok.

In 1979 en 1980 was hy die wenner van die SAUK se Swart Musiek-toekenning vir beste manlike sanger. Hy het ook al Radio Zulu se toekenning gekry vir beste manlike sanger en was naaswenner op die Tswana- en Sotho-radiostasies. Sedert 2001 het hy al verskeie CD's saam met ander bekende sangers opgeneem.

Ander toekennings wat hy ontvang het, is die Four Outstanding Young South Africans Award (1984), die Ten Outstanding Young People of the World Award (1985), and the Mama Beka Community Award (2010).

Gesoute musikant

Ook Babsy is 'n gesoute musikant – daarvan getuig die meer as vier dekades se ondervinding in die musiekbedryf.

Hy is in Soweto gebore en het by die Athlone Skool vir Blindes in Kaapstad skoolgegaan. Hy is 'n bekende sanger, kitaarspeler, komponis en entrepreneur en was die eerste swart persoon wat 'n platemaatskappy besit het.

Nadat hulle die kanseliersmedaljes ontvang het, het adv Stephen Kekana en mnr Babsy Mlangeni die gehoor vermaak. Hier maak adv Stephen sy buiging.

Musikant van formaat: Mnr Babsy Mlangeni (regs) ontvang sy kanseliersmedalje van prof Dan Kgwadi, die rektor van die Mafikengkampus.

Net maanskyn en rose was sy musiekloopbaan egter nie – daar was baie kreatiewe, emosionele en fiansiële uitdagings, onder meer in die gestalte van 'n gewetenlose talentsoeker en 'n onetiese platemaatskappy.

Ten spyte hiervan het sy loopbaan tot baie treffers en kommersiële sukses gelei, byvoorbeeld meer as 25 goue plate en verskeie musiektoekennings.

Albei hierdie legendes het duidelik bewys dat daar 'n groot verskil is tussen gestremdheid en onvermoë. Hul lewens getuig ook daarvan dat gestremdheid nie 'n hindernis hoef te wees wat 'n mens die geleentheid ontneem om 'n bydrae te maak tot die samelewing nie.

Borgskap erken weer **uitnemende joernalistiek**

Met kommunikasiekunde as studierigting en puik kommunikasiekundiges op al drie kampusse, is dit geen wonder dat die NWU weereens die Nasionale Persklub – Noordwes-Universiteit se Joernalis van die Jaar-toekennings geborg het nie.

Dr Theuns Eloff, die visekanselier van die NWU, het die pryse op 23 Maart 2012 by 'n prestige-funksie in Pretoria aan die room van die joernalistieke bedryf oorhandig.

Met persvryheid deesdae hoog op die openbare agenda het hy die NWU se mening oor die onderwerp so verwoord: "Die universiteit deel joernaliste se kommer dat die Wetsontwerp op die Beskerming van Staatsinligting ernstige implikasies kan inhou vir die vryheid van inligting en vir joernalistieke vryheid."

Hy het ook gesê die toekennings dien hul doel as dit kan help om die gehalte van joernalistiek in die land nóg verder te verbeter.

Wenners word aangewys

Die inskrywings is beoordeel deur 'n paneel onafhanklike kundiges, soos onder meer me Cornia Pretorius, 'n senior lektor in joernalistiek aan die Skool vir Kommunikasiestudies op die Potchefstroomkampus.

Mnr Barry Bateman van *Eyewitness News* is aangewys as 2011 se Joernalis van die Jaar ter erkenning van sy feitelik korrekte verslaglewering en vir sy werk onder ontsaglike sperdatumdruk.

Sy vasberadenheid met die storie oor die Tshwane-metropolisie se gebruik van voertuie met vals nommerplate is 'n uitstekende voorbeeld van joernalistieke uitnemendheid.

Mnr Nic Dawes, Redakteur van die *Mail & Guardian* is aangewys as Redakteur van die Jaar vir sy onwrikbare standpunt oor uitnemendheid en sy verbintenis tot die stryd vir persvryheid.

Die Nasionale Persklub – Noordwes-Universiteit se Joernalis van die Jaar het met R10 000 weggestap, terwyl elke kategoriewenner R5 000 ontvang het, geborg deur die NWU.

As wenner bekroon: Mnr Nic Dawes (regs), Redakteur van die Mail & Guardian *en dr Theuns Eloff, die visekanselier van die NWU, by die toekenningseremonie. Nic is as Redakteur van die Jaar-aangewys en sy prys is 'n luukse wegbreeknaweek.*

Dié nuusmakers domineer die media

Die Openbare Beskermer, me Thuli Madonsela, en die geskorste leier van die ANC-jeugliga, mnr Julius Malema, is aangewys as die Nasionale Persklub – Aon Suid-Afrika se Nuusmakers van die Jaar 2011.

Mnr Yusuf Abramjee, die voorsitter van die Nasionale Persklub, het tydens die oorhandigingseremonie gesê dié wenners het dag in en dag uit gesorg vir hoofopskrifte. "Hulle het ons koerantblaaie en die luggolwe gedomineer. Hulle het ons aan die praat, skryf en debatteer gekry."

Lede van die nuwe advieskomitee is agter van links me Sindy Thutubalang (Bemarking en Kommunikasie) mnr Corrie Botha, prof Marius Stander, mnr Vuyisile Gubuza, mnr Heinrich Kriel en mnr Dawie Erasmus. Voor van links is me Pat Matla, me Lindokuhle Matla, dr John Maloma (Direkteur: Bemarking en Kommunikasie) mnr Ramosebi Morabe, dr Brendah Sekatane, me Alwine Naude (alumni-koördineerder) en meTumi Hatla. Afwesig: mnr Chris Schwartz.

Ekonoom en **nuwe komitee** gee advies

Die Vaaldriehoekkampus se alumni het in die eerste helfte van 2012 'n advieskomitee tot stand gebring en tydens 'n gesellige ontbytgeleentheid meer geleer oor die ekonomie.

Die eerste almuni-advieskomitee is op 16 Februarie 2012 saamgestel. Die 14 lede van die komitee is almal alumni van die kampus en speel sleutelrolle in die korporatiewe omgewing, industrie, regering en gemeenskap.

Me Alwine Naude, die alumni-koördineerder, sê die doel van die komitee is om vir graduandi 'n sterk en betekenisvolle netwerk daar te stel wat 'n reeks dienste en voordele aan alumni kan lewer.

Daardeur word lewenslange verhoudinge gebou en professionele netwerk-geleenthede geskep wat wedersyds voordele inhou.

Die advieskomitee gaan met die verskillende groepe alumni skakel om proaktief goeie verhoudinge te kweek. Dié groepe sluit in onder meer nagraadse studente, alumni van verskillende vakgroepe en koshuise, en alumni met verskillende kwalifikasies.

Ontbyt met Ettiene

Advies oor die ekonomie het aan die beurt gekom tydens 'n ontbytgeleentheid wat op 27 Februarie 2012 vir alumni van die Vaaldriehoekkampus gehou is.

Die kollig het geval op globale ekonomiese markte en alumnus Ettiene le Roux, hoofekonoom by Rand Merchant Bank het ook in sy kristalbal gekyk wat die jaar vir Suid-Afrika inhou.

Van die feite wat Ettienne met die alumni gedeel het, sluit die volgende in:

- Die wêreldekonomie se groeipotensiaal vir die toekoms is nie soseer in die hande van die ontwikkelde wêreld nie, maar eerder in dié van die opkomende markte. Die jaarlikse groei van die bruto binnelandse produk (BBP) van ontwikkelde lande is byvoorbeeld 1% teenoor die 5% van opkomende markte.

  Markte soos Indië (6% BBP) en Brasilië (2% BBP) word as die 'nuwe normale' beskou, omdat hulle soveel beter geposisioneer is vir groei.

- Dit neem sowat 12 maande om die verliese wat deur die wêreldwye resessie veroorsaak is, te verhaal, en alle aanduidings is dat Suid-Afrika 'n ekonomiese oplewing beleef. Die grootste uitdaging vir die Suid-Afrikaanse ekonomie is die oorspandering wat die regering se lonerekening betref, wat met 8,2% vir die 2012/2013 finansiële jaar gestyg het.

Volgens Alwine word verskeie sulke ontbytgeleenthede vir die res van 2012 beplan. Kontak haar gerus by 016 9103250 of *alwine.naude@nwu.ac.za.*

Mafikeng-alumni byeen in Botswana

Tydens 'n alumni-byeenkoms by Cresta Lodge in Gaberone, Botswana, is alumni op 9 Maart 2012 opnuut op hoogte gebring van die prestasies van die Mafikengkampus.

Volgens me Susan van Rooyen, die alumni-koördineerder op dié kampus, was die alumni veral beïndruk met die akademiese en sportprestasies en die vordering wat gemaak is met die ontwikkeling van infrastuktuur op die kampus.

Van die feite wat sy met die alumni gedeel het, is die volgende:

- Die hoeveelheid akademiese publikasies deur akademici het byna verdriedubbel van 5,5 eenhede in 2010 tot 15,32 eenhede in 2011.
- In 2011 het 36 sportsterre die Noordwes-provinsie in verskeie sportsoorte verteenwoordig, ses is vir nasionale spanne gekies en 13 vir Universiteitesport Suid-Afrika-spanne.
- Infrastruktuur-ontwikkelinge in 2011 sluit die volgende in: 'n Opvoedkunde-gebou, behuising vir nagraadse studente en 'n lesingsaal-kompleks. Dieregesondheid het ook twee laboratoriums gekry en nuwe geriewe is op hul Molelwane-plaas opgerig.

Van die ander sake wat tydens die byeenkoms in Gaberone bespreek is, is die ontwikkeling van die alumni-databasis, en die moontlikheid dat 'n alumni-trustfonds vir studente begin kan word. Susan beoog om deur die loop van die jaar soortgelyke byeenkomste dwarsoor Suid-Afrika te hou. Vir meer inligting, kontak haar by 018 389 2509 of *susanvanrooyen@nwu.ac.za.*

Data hersien

Die departement Korporatiewe Sake en Verhoudinge is besig om die data van derduisende NWU-alumni by te werk. Mnr Stef van der Linde of me Magda van der Linde het jou dalk al in hierdie verband gekontak. Indien nie, sal jy binnekort van hulle hoor. Baie dankie vir jou vriendelike samewerking in dié verband. Die inligting wat so ingesamel word, word deur me Louisa Vermeulen in die NWU-databasis vasgelê.

Op 5 Maart 2012, terwyl 'n woeste Kaapse wind buite woed, kuier hierdie NWU-leiers en alumni gesellig saam in die Old Mutual-huis in Constantia. Hulle is van links Prof Herman van Schalkwyk, rektor van die Potchefstroomkampus, me Elbie Webber, mnr Corneel Pelser, en dr Theuns Eloff, die visekanselier van die NWU.

Lekker kuier – van die Kaap tot in Namibië

Smee die yster terwyl hy warm is. Dit was waarskynlik die motivering toe die alumnikantoor van die Potchefstroomkampus die 2012-eerstejaars sommer met die intrapslag in Januarie 2012 al as "toekomstige alumni" verwelkom het.

"Dit was deel van die eerstejaars se amptelike verwelkomingsprogram," sê me Yolandi Yssel, alumni-koördineerder op dié kampus. "Ons wil hulle van die begin af gewoond maak aan die idee dat die NWU hul alma mater van die toekoms is – die instansie waaraan hulle lewenslank verbind sal bly."

Sedertdien het die "ouer" alumni van dié kampus 'n hele paar saamkuier-geleenthede geniet.

Behalwe die talle wynproegeleenthede en gholfdae wat gehou is, het 75 Kaapse alumni ook op 5 Maart 2012 heerlik saam gekuier.

Dié geleentheid is met 'n bittersoet oomblik begin, toe die alumni tydens 'n minuut van stilte hulde gebring het aan die bekende fietsryer en NWU-alumnus, Ertjies Bezuidenhout, wat onlangs oorlede is.

Daarna het lekker kos en nog lekkerder geselskap gevolg.

Tussen die aanwesiges was onder meer 'n voormalige sjampanjenooi, me Elbie Webber – lees gerus meer op p32 oor die studenteskoonhede uit die verlede.

Ander bekendes was dr Pieter Bingle, destyds die voormalige staatspresident, mnr FW de Klerk, se predikant, en mnr Corneel Pelser, wat as SR-voorsitter gedien het.

"Om soveel alumni in die Kaap saam te sien, was voorwaar 'n wonderlike ervaring en ons kon nie vir 'n aangenamer aand gevra het nie," het mnr Frik Prinsloo van die Alumnikantoor, wat as seremoniemeester opgetree het, gesê.

In die tweede helfte van 2012 wag daar nog menige makieties vir die Potchefstroomkampus se alumni. Van die koshuis-reünies wat voorlê, sluit in dié van Patria, De Wilgers en Over de Voor. Dan is daar ook 'n SR-reünie van die afgelope 10 jaar en saamtrekke vir Biokinetika, 1962-eerstejaars en vir die alumni in Namibië.

Die gholf-ghoeroes slaan in September, Oktober en November af op onderskeidelik die Lost City-, Parys- en Goldfields-baan. En vir dié wat glo aan die lafenis van die "negentiende putjie" is daar heelwat wynproefunksies beplan. Vir meer inligting hieroor, kontak Yolandi Yssel by 018 299 2768 of *yolandi.yssel@nwu.ac.za.*

Dr Karabo Mabe van die Landbou-ekonomie- en Voorligtingsprogram op die Mafikengkampus is een van min vroue in die land wat 'n PhD in Landbouvoorligting verwerf het.

NWU-dosent is een van **die eerstes in SA** op haar gebied

'n NWU-dosent, dr Karabo Mabe, is een van min vroue in die land om 'n PhD in Landbouvoorligting te verwerf.

Dr Karabo het haar PhD tydens die onlangse herfsgradeplegtigheid ontvang.

Sy is 'n dosent, navorsingsleier en programkoördineerder vir die Landbou-ekonomie- en Voorligtingsprogram op die Mafikengkampus en is ook waarnemende bestuurder van die Sentrum vir Agribesigheid en Entrepreneursopleiding (SAEO).

Sy is opgewonde oor haar prestasie, en sê: "Ek is dankbaar, oorstelp en voel baie beskeie oor die eer wat my aangedoen is. Ek dra hierdie prestasie op aan die bestuur, personeel en studente van die NWU, asook my gesin wat dit moontlik gemaak het."

Dr Karabo sê een van haar doelwitte is om 'n kultuur van "teruggee aan die universiteit" te vestig. Sy wil ook die vlak van deelname van swart alumni verhoog en 'n groter betrokkenheid by gemeenskapsuitreikprogramme aanmoedig.

"Ek beplan om my ervaring as 'n opvoeder en navorser met kundigheid in landbouvoorligting en -ekonomie te benut om gegradueerdes en plaaslike sakeondernemings aan te moedig om steun aan gemeenskappe om die universiteit te verleen."

Unieke **toestelle vir wetenskap** vul groot leemte

Chemici van die Fakulteit Natuurwetenskappe op die Potchefstroomkampus het unieke laboratorium-toestelle ontwerp om leerders op laer- en hoërskool met die praktiese sy van wetenskaplike vakke te help. Dié toestelle is ook uitgevoer na Noorweë en Ethiopië en word met groot sukses daar gebruik.

Prof Corrie du Toit, en sy kollega, me Marié du Toit, het in 2011 'n kompakte en bruikbare chemie- en natuurwetenskappe-toestel – genoem MyLab – ontwikkel vir wetenskaponderrig in graad 4 tot 12. Dié stelle kan volgens prof Corrie 'n reusebydrae lewer tot suksesvolle wetenskaponderrig in skole – selfs dié wat geen laboratoriums het nie.

Volgens die navorsers is praktiese werk 'n baie belangrike komponent van wetenskaponderrig en daarom het hulle die MyLab-toestel ontwikkel om onderwysers daarmee te help. Hulle het tot die slotsom gekom dat onderwysers chemikalieë, apparaat, voldoende werkkaarte, memorandums en voorbereidingsmateriaal benodig en nie noodwendig laboratoriums, elektrisiteit en lopende water nie.

Die MyLabtoestelle is teen 'n billike bedrag te koop en die inkomste wat daarmee gegenereer word, word weer in navorsing teruggeploeg. Besoek gerus die webtuiste (www.mylab.co.za) vir meer inligting. Prof Corrie kan geskakel word by 076 377 8989 en Marié by 082 392 0883.

Reg vir wetenskap: Prof Corrie du Toit en sy kollega, me Marié du Toit, van die Fakulteit Natuurwetenskappe met die kompakte wetenskaptoestel wat hulle ontwikkel het.

Papiervliegtuigies **vir vryheid**

Die vakgroep Politieke Wetenskappe binne die Fakulteit Geesteswetenskappe op die Vaaldriehoekkampus het onlangs deel geword van die internasionale inisiatief om 'n einde te maak aan slawerny. Die CNN-vryheidsprojek – 'n geesteskind van die internasionale nuusagentskap CNN – is daarop gemik om die lot van hedendaagse slawe onder die wêreld se aandag te bring.

As deel van die bewusmakingsveldtog het CNN individue gevra om papiervliegtuigies te maak, boodskappe van hoop daarop te skryf, en dan die vliegtuigies vir iemand anders te gee ten einde die projek wyer bekend te stel.

Dr Ina Gouws van die vakgroep Politieke Wetenskappe bestempel die papiervliegtuigies as 'n simbool van die pad na vryheid. Dit is verbasend dat daar vandag meer mense is wat dwangarbeid verrig as ooit vantevore," sê sy, en voeg by dat die meeste lede van die publiek salig onbewus is van hierdie globale krisis.

Volgens die statistiek word tussen 600 000 en 800 000 mense per jaar "gevang" en oor landsgrense heen weggevoer. Daar is vandag na raming minstens 10 miljoen slawe in die wêreld – meer as op enige ander tydstip in die geskiedenis van die mensdom. "Ons deelname aan die projek beteken dat ons eienaarskap neem van hierdie globale gruwel," sê dr Ina.

Ry-'n-fiets-projek skop af op kampus

Menige alumnus dink seker met nostalgie terug aan die dae toe baie studente nog fiets gery het.

Dit is ook met die gedagte om weer 'n "groener" kampus te skep, dat die Fakulteit Opvoedingswetenskappe 'n Ry-'n-fiets-projek op die Potchefstroomkampus bekendgestel het.

'n Aantal fietse is aangekoop en word gratis aan studente en personeel beskikbaar gestel om vinnig van een punt na 'n ander op die kampus te beweeg. Die fietse is naby die Fakulteit Opvoedingswetenskappe se hoofgebou (die ou POK-hoofgebou) geparkeer.

Dr Schalk Raath van die Skool vir Kurrikulumgebaseerde Studies sê al wat nodig is indien iemand 'n fiets wil gebruik, is om 'n sleutel by die onderwysraad se kantoor op die grondvloer van die gebou af te haal, die fiets te gebruik en dit weer terug te besorg.

Die vindingryke idee is deel van 'n projek, Mobiliteit en die Omgewing, wat deur die Vlaamse Stigting vir Verkeerskunde (VSV) geborg word. Die projek het twee bene: die gratis beskikbaarstelling van fietse vir mense om op kampus te beweeg en 'n navorsingsprojek oor die fisiese impak wat fietsry op die menslike liggaam het.

Ry-'n-fiets-projek skop af: Mnr Louis Jacobs, Institusionele Direkteur: Korporatiewe Kommunikasie en sy vrou, Triens, sekretaresse in die Departement Finansiële Steundienste, ondersteun die ry-'n-fiets-projek.

Foto: *Noordwes Beeld*

Die projek van die VSV fokus op die oordeelkundige gebruik van vervoermiddels wat die laagste impak op die omgewing sal hê.

Mafikengstudent speel vir **Suid-Afrika**

Om vir die nasionale span te speel, is vir die meeste van ons net 'n droom. Vir me Lebohang Monyatsi, 'n finalejaar-sielkundestudent aan die Mafikengkampus, het hierdie droom 'n werklikheid geword toe sy gekies is vir die Suid-Afrikaanse rolstoelbasketbalspan.

Die Suid-Afrikaanse span het vroeër vanjaar aan 'n toernooi in Guadalajara, Mexiko, deelgeneem om vir 2012 se Paralimpiese Spele in Londen te kwalifiseer. Hoewel die span nie gekwalifiseer het nie, hoop Lebohang – wat as haar span se beste doelskieter aangewys is – dat hulle steeds vir die volgende gebeurtenis sal kwalifiseer. Lebohang, wat van Vryburg af kom, maar die grootste gedeelte van haar lewe in die koshuis by Gelukspan deurgebring het, het sewe jaar gelede begin basketbal speel. Sy speel tans vir die provinsiale sowel as die nasionale rolstoelbasketbalspanne.

"My familie en vriende was baie ondersteunend, veral my ouma. Sy het my gehelp om deur te druk." Haar deursettingsvermoë het haar gehelp om in haar sport én in haar studies sukses te behaal. Sy wil graag 'n kliniese sielkundige word, en sê: "Ek wil mense help om hulleself te help, om hul probleme op te los."

Haar lewensleuse is: As jy speel, speel hard, maar moenie speel terwyl jy werk nie. Haar boodskap van motivering aan ander sportlui is: "Moet nooit moed opgee nie! Of jy nou plaaslik of provinsiaal speel, jy sal sukses behaal as jy volhard."

Storie: Faith Botele

Me Lebohang Monyatsi se lewensleuse is: As jy speel, speel hard, maar moenie speel terwyl jy werk nie.

Nuwe eenheid gaan nagraadse opleiding in risikobestuur aanbied

Die belangrikheid van risikobestuuropleiding kan moeilik oorbeklemtoon word.

Nuusberigte beskryf daagliks die impak van risiko's wat nie na behore geïdentifiseer of verreken is nie. Risikoverwante nuusgebeure wissel van die wêreldwye finansiële krisis tot die kernramp in Japan, vloede in Mpumalanga, stakings deur vakbonde, selfs die huidige debakel oor die e-tolstelsel in Gauteng. Ongeïdentifiseerde en onopgeloste risiko's het 'n uitwerking op alle aspekte van ons lewens.

In die lig hiervan het die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie op die Vaaldriehoekkampus onlangs 'n nuwe Eenheid vir Toegepaste Risikobestuur (ETRB) bekendgestel om risikobestuur-opleiding op nagraadse vlak – en gemik op ervare werknemers in alle sektore – aan te bied. Die doel van hierdie eenheid is om 'n belangrike rol te speel om werknemers te bemagtig om risiko's beter te verstaan en te bestuur, en om terselfdertyd te dien as die NWU se sentrum vir toegepaste navorsing in risikobestuur.

Volgens prof Hermien Zaaiman, hoof van die eenheid, is risikobestuur nie net vir risikobestuurders van belang nie. Die wêreldwye finansiële krisis het dit duidelik gemaak dat die fokus op risiko-kwantifisering en -modellering nie voldoende is om die risiko's te bestuur waarvoor organisasies (insluitende regerings- en openbare instansies) te staan kom nie. Elke lid van 'n bestuurspan moet hul individuele rolle in die toepassing van risikobestuursbeginsels verstaan ten einde hulle in staat te stel om die organisasie te bestuur en uit te brei.

Die eenheid is in Junie formeel geopen by sy nuwe ligging by die Quest-konferensiesentrum in Vanderbijlpark. Gedurende hierdie geleentheid is 'n simposium getiteld 'Risiko en Jy' aangebied oor onderwerpe met betrekking tot mense en risiko. Die aanbieders was ervare risikoprofessors van die Vrije Universiteit in Amsterdam. Prof Hermien sê die simposium het as 'n platform gedien om insette te kry oor wat uitvoerende en senior bestuurders in die privaat- en openbare sektor van die nuwe eenheid verwag en vereis.

Voeding-foendi wêreldwyd vereer

Die navorsing wat prof Esté Vorster in 1987 begin het toe sy haar doktorsgraad met 'n studie oor die invloed van hoëvesel-dieet op bloedstollingsvermoë behaal het, word vandag nog by die NWU voortgesit en word as die voorste in die wêreld beskou.



Prof Esté Vorster

Noem die naam prof Esté Vorster en almal wat wêreldwyd iets te doen het met voedingnavorsing sit regop en luister. Google haar en jy kry duisende resultate.

Prof Esté was voorheen die direkteur van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe se Sentrum van Uitnemendheid vir Voeding, wat die enigste sentrum van sy soort in Afrika is, maar lê haar tans net op navorsing toe.

Dié navorsing doen sy nie net omdat dit haar interesseer nie, maar omdat dit vir haar 'n lewenstaak is en omdat sy werklike voedingsprobleme met praktiese oplossings wil aanspreek.

Haar navorsing word nasionaal en internasionaal erken: Behalwe dat sy al die afgelope 14 jaar nou saam met die Verenigde Nasies se Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) werk (sien tekskassie), is sy ook verlede jaar as sekretarisgeneraal van die Academy of Science of South Africa (ASSAf) benoem.

ASSAf, wat Suid-Afrika se amptelike nasionale akademie vir wetenskap is waarop net uitgesoekte akademici dien, verteenwoordig die land in die internasionale gemeenskap van wetenskapakademies.

As kenner van voedsel- en voedingsekuriteit in Suid-Afrika is prof Esté ook genader deur die Nasionale Beplanningskommissie van die Staatspresident se kantoor om advies te gee oor die langtermynbeplanning van voedingbeleid.

Wêreldreisiger

Deur die jare het prof Esté baie gereis. Sy was nog net nie in China nie, en dit net omdat sy reeds twee uitnodigings van die hand moes wys weens ander verpligtinge.

Daar gaan altyd werk saam wat sy doen wanneer sy op lughawens moet wag. Die vlug self word gewy aan 'n heerlike boek, een van haar passies.

Sy tree aan die einde van die jaar af, maar al gaan sy amptelik nie meer werk nie, sal haar betrokkenheid by die WGO nog 'n hele rukkie duur. Iets waarna sy wel uitsien is om meer saam met haar man in Afrika te reis.

Prof Esté is met prof Ig Vorster getroud. Prof Ig was voorheen die dekaan van die Fakulteit Regte op die Potchefstroomkampus en is tans verbonde aan die Institusionele Regsdienste van die NWU.

"Daar is tans sowat sewe miljard mense in die wêreld, waarvan 900 miljoen honger is."

World Hunger Education Service

Wêreldgesondheid is haar passie

Deur haar jarelange betrokkenheid by die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO), lewer prof Esté 'n betekenisvolle bydrae om voeding-verwante uitdagings wêreldwyd aan te spreek.

"Die WGO se doel is om die voedingstatus van die wêreld te optimaliseer," verduidelik prof Esté, "hetsy deur mense wat verkeerd of te veel eet te adviseer, of om honger-snood te verlig".

Op die vraag hoe 'n mens by 'n situasie uitkom waar die WGO jou raad vra oor beleidsake, antwoord sy so: "Dit het baie te doen met kennis van die literatuur en hoe 'n mens moet netwerk dat die 'regte mense' besef die kennis en ervaring is daar om op sulke panele te dien."

Prof Esté dien tans op die WGO se voedings-adviesgroep wat riglyne moet saamstel vir die voorkoming van voedingsverwante kroniese siektes. Daarby het sy ook vir die WGO die handleiding geskryf wat tans wêreldwyd gebruik word om dieetriglyne in verskillende lande te ontwikkel.

Nadat die handleiding ontwikkel is, het sy werkswinkels in verskeie wêrelddele aangebied om plaaslike kundiges op te lei om dit te implementeer.

Passie laat hulle presteer

Soos ons in die vorige uitgawe van die NWU & U onderneem het, vertel ons die lesers graag van die kreatiewe uitsette wat NWU-personeellede tydens die Navorser van die Jaar-geleentheid aan die einde van verlede jaar toekennings in die sak gebring het.

Om waarlik kreatief te wees, vereis besondere passie en hieraan ontbreek dit skynbaar nie by die NWU nie.

Hierdie passie het gelei tot kreatiewe uitsette soos 'n aangrypende radiodrama, pragtige musiek en besondere grafiese kunswerke.

In verskeie dissiplines – onder meer tale, musiek en grafiese ontwerp – word van personeel verwag om kreatiewe uitsette te lewer.

Om uit hierdie uitsette die bestes aan te wys, is geen maklike taak nie, maar ná beoordeling deur 'n paneel van eksterne keurders, is toekennings aan 'n paar akademici, almal op die Potchefstroomkampus, gemaak.

- Dr Hannes Taljaard van die Skool vir Musiek het 'n toekenning gekry vir sy musiekstuk, Les Sarabandes, wat deur een van die beoordelaars beskryf word as "..a highly intelligent composition, meticulously crafted, beautifully structured and almost technically flawless".

- Prof Piet Koornhof, ook van die Skool vir Musiek, is vereer vir sy bydrae tot die CD-opname van werke van Babadjanian en Vasks. Dit word beskryf as "of the highest quality, demonstrating superb and well informed musical artistry..."

- Prof Franci Greyling van die Skool vir Tale het 'n toekenning gekry vir haar radiodrama, "Die vye is nou ryp" wat in April 2011 op RSG uitgesaai is. Daarmee het sy ook 'n prys in die RSG/Sanlam- radiodrama-skryfkompetisie van 2010 losgeslaan.

- Mnr Richardt Strydom van Grafiese Ontwerp se kunswerke, bestaande uit foto's, het vir hom 'n toekenning besorg. In dié foto's word die psigologiese geweld wat die mens homself aandoen op grond van die ideologie wat hy aanhang, as littekens uitgebeeld.

- Mnr Wessie van der Westhuizen, ook van Grafiese Ontwerp, het erkenning gekry vir die kort animasiefilm wat hy gemaak het aan die hand van Ngano-Venda-stories wat vroue in die Limpopo-vallei met borduurwerk uitbeeld.

Prof Piet Koornhof van die Skool vir Musiek op die Potchefstroomkampus was een van die akademici wat 'n toekenning vir sy kreatiewe uitsette ontvang het.

Die beste onder die bestes: Algehele ITOU-wenner is me Stefanie-Marié (Stef) Esterhuizen (middel) van die Fakulteit Geesteswetenskappe op die Vaaldriehoekkampus. By haar tydens die gala-aand in Potchefstroom is prof Thanyani Mariba, die rektor van die Vaaldriehoekkampus en prof Linda du Plessis, die Viserektor: Akademie, Kwaliteit en Beplanning op dieselfde kampus.

NWU vier voortreflike **onderrigvaardighede**

Me Stefanie-Marié (Stef) Esterhuizen van die Skool vir Opvoedkundige Wetenskappe in die Fakulteit Geesteswetenskappe op die Vaaldriehoek-kampus het in 2011 die beste gevaar in die uitdagende Institusionele Toekennings vir Onderriguitnemendheid-proses (ITOU-proses).

Vir hierdie prestasie het sy die Visekanse-lier-prestigetoekenning ontvang tydens 'n gala-geleentheid wat op 2 Maart 2012 in Potchefstroom gehou is. Dr Theuns Eloff, die visekanselier van die NWU, het 'n wisseltrofee aan haar oorhandig.

Stef is die algehele wenner vir 2011, en uiter-aard ook een van die drie kampuswenners. Die ander twee is dr Ralph Manyane van die Fakul-teit Geestes- en Sosiale Wetenskappe op die Mafikengkampus en mnr Pieter van der Zwan van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurs-wetenskappe op die Potchefstroomkampus.

In 2011 het 49 dosente ITOU-toekennings ontvang, vergeleke met 46 in 2010. Die Mafikengkampus het die grootste toename getoon. 'n Rekordgetal van 18 Mafikeng-dosente het toekennings ontvang in 2011, vergeleke met slegs agt in 2010 en drie in 2009. Op die Potchefstroomkampus het 20 personeellede toekennings ontvang en op die Vaaldriehoekkampus 11. Laasgenoemde is vyf meer as in die voorafgaande jaar.

"Dosente speel 'n baie belangrike rol in die lewens van studente en vanaand bring ons hulde aan diegene wat uitblink in hul toewyd-ing aan hul vakgebiede en hul passievolle invloed op hul studente," het dr Theuns tydens die seremonie gesê.

Veels geluk: Prof Dan Kgwadi, die rektor van die Mafikengkampus (links), oorhandig die toekenning aan die kampuswenner, dr Ralph Manyane van die Fakulteit Geestes- en Sosiale Wetenskappe.

Beloon vir sy onderrigvaardighede: Potchef-stroomkampus se wenner, mnr Pieter Van der Zwan (links) van die Fakulteit Ekono-miese en Bestuurswetenskappe, ontvang sy toekenning van prof Herman van Schalkwyk, die rektor van daardie kampus.

Waaroor gaan dit presies?

ITOU erken en beloon dosente wat uit-blink in onderrig-leer. As deel van die streng ITOU-evalueringsproses beoordeel panele die dosente se portefeuljes, stu-denteterugvoer, innovasie en uitnemend-heid in kontaksessies en die gebruik van tegnologie in onderrig-leer.

Fakulteite presteer

Die NWU-fakulteit wat die meeste toeken-nings ontvang het, naamlik ses, is die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie op die Vaaldriehoek-kampus.

Gesamentlik in die tweede plek was Eko-nomiese en Bestuurswetenskappe op die Potchefstroomkampus; Geestes- en So-siale Wetenskappe asook Landbou, We-tenskap en Tegnologie op die Mafikeng-kampus; en Geesteswetenskappe op die Vaaldriehoekkampus. Hierdie fakulteite spog met vyf toekennings elk.

Ontsluit moontlikhede vir huiseienaars

Vir mnr Monnapula Motlogelwa, alumnus van die Mafikengkampus, is dit 'n groot lekkerte om die sleutels van 'n huis aan die trotse nuwe eienaar te oorhandig.

Hierdie voorreg spruit voort uit sy huidige posisie as die Noordwes-provinsie se Uitvoerende Bestuurder/Hoofdirekteur vir Behuisingsbehoeftes, Beplanning, Beleidsnavorsing en Tegniese Dienste by Menslike Nedersettings.

As een van die besluitnemers oor plaaslike behuisingsbeleid in Noordwes het Monnapula eerstehandse kennis van die omvang van behuisingsbehoeftes in die provinsie en ook landswyd.

Hy het in 2007 'n referaat met die titel "The implementation of socio-economic rights in South Africa" by die Raad vir Regstudente se konferensie op die Mafikengkampus gelewer.

"Die gevolgtrekking van die aanbieding was dat dit feitlik onmoontlik is om oor die kort tot medium termyn in die vraag na behuising te voorsien," sê hy.

Die aanbieding het ook die behoefte aan ander oplossings buiten projekte vir laekostebehuising beklemtoon. "Fiskale beperkings en ander mededingende sosio-ekonomiese behoeftes is 'n werklikheid," sê Monnapula.

Dit maak hom hartseer om te dink dat daar altyd landsburgers sal wees wat nooit hulle 'n huis sal hê nie. Om in die behuisingsbehoeftes van so veel as moontlik mense te voldoen, gee vir hom egter steeds 'n gevoel dat iets bereik word.

Produktiewe studentedae

Dis nie vir Monnapula iets nuuts om die samelewing te dien en in die lewens van mense belang te stel nie.

Hy was reeds as student aktief by talle aktiwiteite en strukture op die kampus betrokke.

"Jy kon my feitlik oral aantref – die dramavereniging, kultuurvereniging, universiteitskoor, Regstudenteraad, Verteenwoordigende Studenteraad en die South African Students' Congress," sê hy. "My deelname aan hierdie strukture het gemaak dat ek 'n gebalanseerde leefstyl het, en het bygedra tot dit wat ek vandag is."

'n Besondere hoogtepunt, onthou hy, was toe hy in 1998 saam met 21 ander studente landswyd gekies is om Suid-Afrika op 'n akademiese toer na die Verenigde Koninkryk te verteenwoordig. Hulle het verskeie regeringsinstellings besoek, asook akademiese en regsinstellings soos die Britse howe.

Monnapula se belangstelling in die reg en politiek het op hoërskool begin toe hy aan debatskompetisies deelgeneem en 'n liefde vir geskiedenis ontwikkel het.

Op universiteit het sy ervaring as studenteleier hom goed vir die toekoms voorberei. "My leierskapsrol het my geleer om logies te leer dink en my persoonlike integriteit te bevestig," sê hy. "Dit het my geleer om ander mense se sienings te respekteer in my strewe om te bereik wat ek glo bereik moet word."

Politiek is na aan mnr Monnapula Motlogelwa se hart en hy glo dat demokrasie soos goeie wyn is: dit verbeter met verloop van tyd.

Mnr Monnapula Motlogelwa was op 10 Mei hierdie jaar die hoofspreker tydens die gradeplegtigheid van die fakulteite Opvoedkunde en Regte op die Mafikengkampus.

Trotse alumnus

Monnapula is vandag onbeskaamd trots om 'n alumnus van die Mafikengkampus te wees. Hy is 12 jaar nadat hy gegradueer het steeds by kampusaktiwiteite betrokke.

"Ek was van 1994 tot 1999 'n voltydse en deeltydse student, en ek besoek die kampus nog gereeld."

Na aan sy hart

Politiek is natuurlik baie na aan Monnapula se hart en hy kan lank oor die voor- en nadele daarvan praat.

"Demokrasie is, wel ... soos goeie wyn – dit verbeter met verloop van tyd.

"Waarvan ek die minste hou in die huidige politieke situasie, is dat daar 'n klompie selfsugtige individue is wat voorgee dat hulle die massas dien, terwyl hulle weet dat hulle bloot mense met 'n oordrewe sin van selfbelang en opgeblaasde ego's is. Ek hoop die geskiedenis sal hulle eendag beoordeel," sê hy.

Monnapula woon tans saam met sy vrou, Nontutuzelo, in Reveira Park, Mafikeng, te midde van die ondersteuning van 'n menigte familielede en vriende.

Nie sommer **been voor paaltjie** nie

Alumnus Johan Cloete laat hom nie sommer been voor paaltjie vang nie. Daarvan getuig sy blink loopbaan as internasionale krieketskeidsregter en sy bekroning as Suid-Afrika se Skeidsregter van die Jaar.

Vóór 2010 het min mense buite die krieketwêreld van Johannes Daniël Cloete kennis geneem, maar deesdae spits mense plaaslik én wêreldwyd hul ore wanneer hulle sy naam hoor.

Trouens, dit gons behoorlik in die skeidsregterswêreld nadat dié alumnus van die Potchefstroomkampus aan die einde van verlede jaar se krieketseisoen vir die tweede keer as Krieket Suid-Afrika (KSA) se Skeidsregter van die Jaar én die Skeidsregters se Skeidsregter van die Jaar aangewys is.

Johan, wat die afgelope 13 jaar Direkteur: Sport by die Hoërskool Centurion in Pretoria is, het reeds as internasionale krieketskeidsregter in 18 internasionale eendagwedstryde en vyf T20s* gestaan. Dit alles op die relatief jeugdige ouderdom van 40 jaar.

Nie dat die sukses en roem sedertdien na sy kop toe gegaan het nie. Inteendeel. Hy is nog net so beskeie, hardwerkend en gewoon soos wat hy was toe hy in 1990 as groentjie op die Potchefstroomkampus beland het.

Eerstejaar op kampus

"Aaa!," sug hy met genoegdoening toe hy oor sy studentedae gepols word. "Ek het ongelooflik baie én goeie herinneringe, aangesien ek vier jaar lank studeer het en by baie verskillende sportsoorte en ander aktiwiteite betrokke was," vertel hy.

Johan het nooit in 'n kampuskoshuis gebly nie, maar saam met vriende in 'n huis in die studentegebied bekend as die Bult.

Daar is talle oomblikke tydens sy studentejare wat vir ewig in sy geheue gegrafeer is, onder meer die drie jaar wat hy op die Wapadredaksie gedien het.

"Ek onthou al daardie ure wat ek in die kantore van die Wapad deurgebring het om my berigte met drie vingers te sit en tik en die Woensdagnagte wat ek deur gesit het om die bladuitleg te doen," sê hy.

Sy dae op die Joolkomitee sorg ook vir kosbare herinneringe.

"Die komitee het hard agter die skerms gewerk om fondse vir liefdadigheid in te samel," vertel hy. "Die gemiddelde student het Jool altyd beskou as partytjie-, blommetjie-vou- en sosiale tyd, maar vir ons as komiteelede was daar 'n veel dieper betekenis, omdat ons 'n verskil in minderbevoorregte mense se lewens kon maak.

Van jool tot krieket

"In 1990/1991, toe ek verantwoordelik was vir Joolsport, het ek die aand-krieketliga tussen die koshuise begin, asook sokker vir die dameskoshuise.

"Die volgende jaar het ek die universiteit R40 000 gespaar ten opsigte van die staal vir die vlotte, omdat ons skrootstaal gebruik het en dit nie aangekoop het nie."

Maar hoe help 'n BCom-graad met 'n loopbaan in krieket?

"Al die vakke wat ek geneem het vir my BCom-studies het my lewensuitkyk help vorm," verduidelik Johan.

"Bedryfs- en personeelsielkunde, bedryfsosiologie en bedryfsetiek is lewensverrykende vakke wat 'n mens help om met ander mense oor die weg te kom, die beste uit ander na vore te bring en aanvaarding en begrip te kweek. "Uit die aard van die saak help dit skeidsregters ook om 'n syferagtergrond te hê, want daar is heelwat berekeninge wat van kardinale belang is wat tydens wedstryde gemaak moet word. My graad help dus baie meer as wat enigeen ooit sal besef.

"Onderrig en kennis is in elk geval iets wat niemand enigeen kan ontneem nie en ondervinding word nie by afdelingswinkels verkoop nie!"

Tussen tasse en hotelle

Om 'n internasionele krieketskeidsregter te wees is darem nie altyd net maanskyn en rose nie. Sedert September verlede jaar reis Johan baie en het hy al gewoond geraak daaraan om uit tasse te leef.

"Dis nogal erg! Ek was in September Nederland toe vir drie wedstryde en slegs twee dae by die huis voordat ek weer my tasse vir Indië moes pak om vir drie weke in die Kampioenskapstrofee diens te doen.

"Direk daarna was ek betrokke by Australië se toer in Suid-Afrika en einde November moes ek Bangladesh toe vir die reeks teen Pakistan," vertel hy.

Tydens hierdie onderhoud was Johan in Dubai waarna hy slegs vir vyf aande by die huis was voordat hy weer Indië toe is vir die Indiese Premierliga (IPL).

"In Junie neem ek my skoolspanne Engeland toe vir 'n kriekettoer en vroeg in Augustus gaan ek na die o/19 Wêreldbekertoernooi in Australië. My skedule is dus redelik vol!"

Koes!

Die lewe van 'n krieketskeidsregter kan maar vol gevare ook wees, hoewel dit nie net op die krieketveld is waar hy vir "handgedrewe missiele" moet koes nie.

Mnr Johan Cloete is in Maart 2011 aangewys as die beste skeidsregter tydens die T20 World Cup Qualifiers in Dubai. Die twee topspanne, Ierland en Afghanistan, het daar gekwalifiseer vir die T20 World Cup in Sri Lanka in September.

Tydens die eendagreeks in Chittagong, Bangladesh, het Johan en 'n kollega groot geskrik toe 'n klip die venster getref het van die bussie waarin hulle onderweg was na die hotel.

"Ek het 'n goeie reeks beleef en dit was die laaste wedstryd," vertel Johan.

"Ongelukkig het ek 'n fout gemaak met 'n been voor paaltjie-beslissing teen een van die Bangladesh-spelers. Pakistan het die reeks met 3-0 gewen en die toeskouers was nie gelukkig nie. En op wie word hul frustrasie toe uitgehaal? Die skeidsregters!

"Gelukkig is niemand beseer nie en is die sekuriteit daarna opgeknap. Ek het darem nie werklik bedreig gevoel deur die insident nie en het dit onmiddellik agtergelaat en voortgegaan met dit wat ek altyd doen."

Behalwe dat hy soms met woedende krieketondersteuners te doen kry, reken Johan die grootste uitdaging vir skeidsregters is om met alle beslissings konsekwent op te tree.

"Dis ook belangrik dat ons alle individue én die wedstryde moet beheer en bestuur," sê hy. "Dit stel natuurlik baie fisiese en intellektuele eise, maar die sleutel tot sukses is om goed voorbereid te wees vir die wedstryd en toernooie."

Johan woon saam met sy vrou, Martie, en seun, Jean (3), in Pretoria. Klein Jean is reeds 'n kranige krieketspelertjie wat linkshandig kolf en sy pa al op 'n hele paar reise oorsee vergesel het.

** Die T20 is die korter eendag-weergawe van twintig boulbeurte vir elke span. Dit word ook beskryf as" Twintig20-wedstryd".*

Niks kom vanself nie

Die enigste plek waar "sukses" voor "werk" kom, is in die woordeboek. Dit, sê Johan Cloete, het die lewe hom geleer.

"Om sukses te bereik, is harde werk – wat gepaard gaan met dissipline en opofferinge – nodig. Niks kom vanself nie en die lewe is nie normaalweg regverdig nie.

"Boonop bestaan daar nie so iets soos probleme nie – slegs uitdagings wat oplossings het. Vind daardie oplossings! As jy die regte ingesteldheid het, sal jy altyd bo jou omstandighede en die gemiddelde mense om jou uitstyg."

Johan se storie: van kaptein tot skeidsregter

Dit was klaarblyklik van kleins af vir Johan bestem om professioneel by krieket betrokke te raak. Hy was immers altyd kaptein van al die spanne waarin hy gespeel het.

Johan se krieketloopbaan het begin toe hy vir die o/10-span by Laerskool Stilfontein begin krieket speel het.

"Later, as eerstespan-kaptein van Hoërskool Stilfontein in 1989, het ek gedink dis nodig om die reëls van die spel te ken en te verstaan. Daarom het ek 'n skeidsregterskursus gedoen en die eksamen met lof geslaag.

"Tydens my eerste jaar op universiteit het ek my skouerligamente tydens 'n rugbywedstryd geskeur en kon ek vir ses maande nie boul nie.

"Aangesien daar in daardie spesifieke seisoen 'n tekort aan skeidsregters was, is ek gevra om as een diens te doen," vertel hy. Daardie seisoen het hy nie net sy buiging as skeidsregter gemaak nie, maar dit só goed gedoen dat hy sommer toe al as die beste skeidsregter in die provinsie aangewys is.

Van toe af het die hoogtepunte sommer vinnig op mekaar gevolg en in 1993 het Johan die finaal van die Nasionale Klubkampioenskappe behartig en sommer ook sy Eersteklas-debuut gemaak tydens die wedstryd tussen Wes-Transvaal en die Griekwas.

’n **Leier** met ’n groot **hart**

Op die jeugdige ouderdom van 28 het me Tumi (Boitumelo) Hatla, alumna van die Vaaldriehoekkampus, reeds tot by die posisie van senior analis by African Bank gevorder.

Tog, ten spyte van haar sukses, het sy nooit vergeet waar sy vandaan kom nie.

“Toe die land destyds politieke vryheid gekry het, het dit vir my as jong meisie beteken dat ek enigiets kon word waarvan ek kon droom. Tog, te midde van al die geleenthede, probeer ek om nooit te vergeet waar ek vandaan kom nie. Dis hartseer dat baie jongmense dit wél vandag uit die oog verloor het.”

Me Tumi Hatla streef na groot hoogtes in die korporatiewe wêreld, maar mense is net so belangrik vir haar.

“Een van my doelwitte in die lewe is om die korporatiewe leer tot heel bo te klim,” sê sy. Maar, voeg sy by, in die proses wil sy ander mense se lewens positief raak.

Prestasies in ’n neutedop

Tumi het haar eerste graad, BCom Ekonomie en Informatika, in 2005 behaal, en was lid van Golden Key, ’n internasionale ereverenigging vir akademiese presteerders.

Sy het haar BComHons in Risikobestuur in 2006 voltooi. In dieselfde jaar was sy ondervoorsitter van vier subkomitees van die “Student Christian Fellowship” én studente-assistent vir Ekonomiestudente.

In 2007 het sy in Noorweë by die Molde-Universiteitskollege studeer, waar sy ’n sertifikaat in Internasionale Verskaffingsketting-bestuur verwerf het. In 2011 het sy haar meestersgraad in Ekonomie behaal.

Dit is Tumi – ’n ‘jong 28’ in ’n neutedop.

Senior analiss

Tumi werk tans by die African Bank in Midrand as senior analis in die kredietrisiko-afdeling. Haar taak is om ’n oog te hou oor risikoverwante elemente van al die bank se produkte.

Sy beskou haarself as ’n leier en moes vinnig leer hoe om verandering te bestuur en persoonlike en professionele hindernisse te oorkom.

“Daar was uitdagings soos die verlies van geliefdes, om oor die hoof gesien te word en om aan my eie vermoëns te begin twyfel. Gebed en advies van mense wie se opinies ek vertrou het my egter nog altyd gehelp om aan die ander kant uit te kom.”

Draai die tyd terug

Haar studentejare was van die gelukkigste tye van haar lewe.

“As ek kon, sou ek die tyd teruggedraai het – al is dit net vir ’n dag. Behalwe vir die grade het ek ook baie vriende gemaak en lewenslesse geleer, en is die grondslag gelê sodat ek die vrou kon word wat ek vandag is,” sê sy.

In die bietjie vrye tyd wat sy deesdae het, lees, dans en reis sy graag. Noorweë was dan ook haar eerste buitelandse ervaring.

> “Een van my doelwitte in die lewe is om die korporatiewe leer tot heel bo te klim.”

“My jaar in Noorweë het baie vir my beteken. Ek het vinnig grootgeword. Die één ding wat ek geleer en gou begin toepas het, was om hard te werk en hard te speel, maar ook om altyd familie eerste te stel.” Tumi is ’n enigste kind, maar, voeg sy gou by, sy is darem nie ’n bedorwe brokkie nie. Haar pa is dood toe sy nog baie klein was.

“As kind was ek meestal op my eie en vreeslik skaam. Tog het dit so uitgewerk dat ek nog altyd baie mense om my gehad het, want my ma het ’n oop hart vir haar medemens gehad. Vir so lank as wat ek kan onthou, ontferm sy haar oor almal wat haar pad kruis. Ek is geseënd met al daardie ervarings en herinneringe.”

Haar kinderjare het meegebring dat sy ook vandag deernis met ander mense het. “Ek kan nie afsydig staan as ek weet iemand het my hulp nodig nie.”

Passievol

Sy is passievol oor baie dinge, insluitende jongmense, om haar kennis uit te brei en om te dans, maar daar is één passie bo alles: haar geloof in God. “Die les wat my ma my van vroeg af geleer het, is om alles tot die beste van my vermoë te doen en om nooit op te hou bid vir wysheid nie.”

Ja, Tumi het groot korporatiewe ambisies, maar haar geloof en opvoeding maak dat dit altyd getemper word deur haar liefde vir mense.

Werkwoordman se **rykdom** lê in **ervaring**

Mnr Johan Booyens kan lékker gesels. Boonop is hy by uitstek 'n wérk-woordmens. Ewe geesdriftig skryf, reis en ervàár hy. Die NWU & U deel graag van sy ervaringe as wetenskapskrywer, radiojoernalis, koerantman en operasanger met ons lesers.

Hoe oud dink jy is ek? begin 'n lang gesprek met mnr Johan Booyens, 'n alumnus van die voormalige Potchef-stroomse Universiteit vir Christelike Onder-wys (PU vir CHO).

Hy is 'n jong 71 jaar oud, blyk dit uit sy vertelling.

Sy studentejare begin in 1959 as 'Gepukte Poot' – dis nou 'n student wat deur die voormalige Potchefstroomse Onderwyskol-lege (bekend as Pote) aan die PU vir CHO studeer het.

Maar tyd vir tipiese studentekaskenades was daar ook.

"As tweedejaar van die manskoshuis, Mia Mater, het ons een aand ná 'n rolprent oor studentepret besluit om die fliekpret na te doen: om in die naaste vrouekoshuis te gaan bad. Ons gaan bad toe in Eikenhof oorkant die straat – tot groot konsternasie van die dames."

Nadat hy met BSc begin het, het hy oorge-skakel na BA, en het hy ook musiekklasse vir niegraaddoeleindes bygewoon. Musieklek-tor Eberhard Kunkel se geesdrif oor sy sang was 'n hupstoot en het daartoe gelei dat hy later 'n vaardige bas-bariton geword het wat veral in operas vir kunsterade en ander groepe opgetree het.

As uitsaai-, tydskrif- en koerantjoernalis was hy aan die voorpunt van groot gebeure in Suider-Afrika.

"My grootste "scoop" was die wêreld se eerste hartoorplanting in Kaapstad toe ek deel van die SAUK se nuusspan was. Dr Chris Barnard, pionier van hartoorplantings, het vir my 'n getekende afskrif van sy eerste boek oor die oorplanting gegee en ons het goeie kennisse geword. Daarna was ek ook deel van die SAUK se nuusspan wat voor was met wêreldnuus, waaronder die oor-stroming van die Wes-Driefontein-goudmyn en die ineenstorting van die ou goudprys-stelsel."

Johan het heelwat ander mylpale op sy kerfstok. Daaronder tel sy deelname aan die bekendstelling van die huidige metrieke stelsel, die skep van die televisietydskrif Dagboek in die middel jare sewentig en



Mnr Johan Booyens verwyl 'n rustige oomblik langs die meer van Galilea tydens 'n besoek aan Israel.

'n sterk bydrae tot Namibië se toetrede tot internasionale tydrenne. Die afgetrede joernalis woon saam met sy vrou, Irene, in Walkerville suid van Johannesburg en teel Russiese Borzoi-honde, nadat hy 40 jaar lank met Afgaanse windhonde geboer het.

"Die etos van diensbaarheid wat ek by die PU vir CHO geleer het, was 'n lig op my pad. Ek het altyd gemik na nog kennis en erva-rings en om vir ander 'n baken en 'n ligdraer te wees," sê hy.

Deur die jare het Johan duidelik sakke vol ervaring opgedoen. Trouens, as 'n mens se ware rykdom sy ervarings is, is Johan Booyens vandag 'n baie ryk man.

Hier is oudjoernalis, mnr Johan Booyens, in Seattle in die Amerikaanse staat Washington, waar hy onder meer die Boeing-vliegtuigfabriek en Bill Gates se Microsoft-"dorp" besoek het.

Die wêreld was sy woning

Hoewel Johan Booyens sy BSc-studies verruil het vir 'n BA, is hy nog altyd bekoor deur die natuur- en verwante wetenskappe en was hy 'n geesdriftige wetenskapskrywer.

Dié skrywery het talle geleenthede geskep, van besoeke aan die Gobabeb-navorsing-stasie naby Walvisbaai en die sterrewag buite Sutherland tot die Chinese kleisoldaatop-grawings by Xian en die Amerikaanse ruimtebeheersentrum by Houston.

Hy was ook sake- en reisskrywer by die Sondagkoerant, *Rapport*, wat verdere internasio-nale besoeke moontlik gemaak het.

"Dit is moeilik om van 'lekkerste' ervarings te praat. Rusland en China was besondere er-varings met heelwat verrassings. So praat die Russe meer as 'n honderd dialekte, China meer as vyftig en Indië 1400! Gaan soek tussen die mense en hul kulture en verlekker jou in die soektog. Om net die blink goed te gaan soek en tuis daaroor te kom spog, is maar bra armoedig."

Hy verander uitdagings in **geleenthede**

Prof Sipho Seepe, alumnus van die Mafikengkampus, is 'n man van vele talente. Sy indrukwekkende resumé vertel die verhaal van iemand met 'n omvattende kennis wat nie skroom om uitdagings die hoof te bied nie.

Met ses tersiêre kwalifikasies in sy sak, is prof Sipho Seepe tans spesiale raadgewer vir die Minister van Verdediging en Militêre Veterane. Daarby is hy ook 'n politieke ontleder en strategiese konsultant vir hoër onderwys.

Tydens sy loopbaan het hy bestuursposte beklee by ABSA se Hoofkantoor, die Graduate Institute of Management and Technology en Henley Management College.

Prof Sipho se onderrig-ondervinding is baie uitgebreid. Behalwe dat hy by 'n hoërskool, kollege en verskeie universiteite (plaaslik en in die buiteland) klasgegee het, het hy ook in 'n stadium as visekanselier van die voormalige Vista-Universiteit waargeneem.

Sy rekenaar se sleutelbord werk oortyd, aangesien hy baie oor sake van openbare belang skryf. Dit wissel van politiek, kultuur, regstellende-aksie-kwessies en opvoeding, tot sake wat met die transformasie van die samelewing en instellings verband hou.

Wat die akademie betref, het hy onder meer die gesogte Fulbright South African Researcher Grant en die Harvard South Africa Fellowship ontvang. Daarby het hy by 'n aantal instellings in die buiteland as besoekende professor opgetree.

Die ongebaande weg

Prof Sipho wou aanvanklik medies studeer en het vir beurse aansoek gedoen. Die destydse Universiteit van Bophuthatswana (bekend as Unibo), wat toe pas gestig is, se klasgelde was die laagste en daarom was hy in 1980 een van die eerste studente wat daar ingeskryf het. "Ek het die sogenaamde Groot Vier in my eerste jaar geneem – wiskunde, fisika, chemie en biologie," onthou hy. Hy het opvoedkunde daarby gevoeg, asook 'n praktiese kursus, bekend as kommunikasie- en studievaardighede.

"Ná twee jaar het ek my plan om medies te studeer, laat vaar omdat twee van my professore by my 'n liefde vir fisika ingeboesem het."

Nog 'n rede vir die verandering was dat fisika in daardie stadium as die moeilikste vak beskou is. In daardie tyd was daar net 'n handjievol swart mense in Suid-Afrika met 'n PhD in fisika, teenoor 10 000 mediese dokters. Ek het dus die ongebaande weg gekies," sê hy.

Breër horisonne

Hy dink met vreugde terug aan sy studentedae. Die toewyding en intellektuele oorvloed by die universiteit het hom baie beïndruk en hy het baie gebaat by die openbare lesings wat gereeld by die universiteit gehou is.

"Die lesings het ons kennis verbreed – ver verby die eng grense van ons vakgebied. Die gevoel dat ons almal een familie was en deel was van iets wat nog verder gaan groei, was uiters opwindend."

Ten spyte van sy besige skedule, het hy steeds kontak met sy alma mater, en veral met sy vroeëre professore.

"Ons verhouding is kollegiaal, maar ook vriendskaplik en wanneer ek raad nodig het, kan ek by hulle aanklop. Hulle is steeds my mentors."

Gevorm vir die toekoms

Behalwe die akademiese kennis wat prof Sipho opgedoen het, glo hy ook dat die universiteit hom vir sy loopbaan en vir die lewe gevorm en voorberei het. "Die stigterslede wou destyds 'n universiteit hê wat goed afgeronde professionele persone sou lewer," sê hy. "Vakke soos opvoedkunde en ontwikkelingstudies het ons in staat gestel om met studente in die sosiale wetenskappe in aanraking te kom. Dit was dus nie ongewoon om met fisika, wiskunde en chemie besig te wees en later by debatte oor die reg, ekonomie en nasionale ontwikkeling betrokke te raak nie."

Prof Sihpo het op 53 al meer in sy volwasse lewe bereik as die meeste mense in 'n hele leeftyd:

- Hy was betrokke by 'n aantal navorsingskapasiteitsbou-inisiatiewe onder histories-benadeelde instellings in Suid-Afrika.
- Hy het in verskeie komitees gedien, onder andere die Stigting vir Navorsingsontwikkeling se wetenskaponderrig-evalueringskomitee.
- Hy was 'n lid van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) se navorsingspaneel wat te doen gehad het met die evaluering van spannavorsing by histories-bevoordeelde en histories-benadeelde instellings.
- Hy was ook betrokke by 'n projek wat deur die destydse Suid-Afrikaanse Vereniging vir Akademiese Ontwikkeling geloods is om geleerdheid onder swart mense te bevorder.

As 'n mens na sy prestasies kyk, kan jy nie help om te wonder watter uitdagings vir die toekoms oorbly nie.

Die antwoord is kort en kragtig: "Om Afrika te help om die beste oplossings vir sy probleme te kry."

Prof Sipho glo dat sy studentejare hom geslyp en voorberei het vir sy loopbaan en vir die lewe.

Versterk deur vroeëre uitdagings

Prof Sipho Seepe is in 1959 in Soweto gebore en het daar as die oudste van drie seuns grootgeword.

Hy het talle uitdagings in sy lewe gehad – die wonde van geweld uit sy kinderdae getuig daarvan.

Sy oupa is gewelddadig dood, en so ook sy pa wat vermoor is toe hy nege jaar oud was. "Ek weet nie presies wat die omstandighede van sy dood was nie, dit was te pynlik om daaroor navraag te doen," onthou hy.

Sy ma het hulle onderhou deur by 'n hospitaal te werk – die Brenthurst-kliniek in Park Lane.

"Die grootste uitdaging in my lewe was om my twee jonger broers, Edward en Jimmy, te verloor. Niks kan jou hiervoor voorberei nie," sê prof Sipho.

Sy broers was albei slagoffers van geweld. "My jongste broer, Jimmy, is dood nadat hy vir 'n maand in 'n koma was. Dit was die gevolg van 'n gebarste serebrale aneurisme wat voortgespruit het uit verskeie skietwonde wat hy 'n paar jaar tevore opgedoen het."

'n Kleiner uitdaging, maar nie minder belangrik nie, was mislukking. "Ek het egter meer uit my mislukkings as uit my suksesse geleer," sê hy.

"Dit kos baie moed om weer op te staan as jy geval het. Mnr Nelson Mandela het dit pragtig gesê: ''n Wenner is 'n verloorder wat nooit tou opgooi nie.' Ek het gelukkig al die ondersteuning gehad wat nodig was."

Op hierdie noot onthou hy die trots op sy ma en oorlede broer, Jimmy, se gesigte toe hy sy eerste graad gekry het, en later sy PhD.

Politiek is deel van die pakket

Politiek is 'n belangrike deel van prof Sipho se lewe. Volgens hom kan ons nie almal wiskundiges of fisici wees nie, maar ons is almal politieke wesens.

"Ek is in die smeltkroes van die politiek gebore en grootgemaak. As inwoner van Soweto kon ek nie aan die invloed van mense soos Nelson Mandela, Winnie Mandela en Walter Sisulu ontsnap nie. Hulle was deel van ons omgewing.

"Omdat ek 'n analis is, deel ek dikwels my perspektiewe oor politieke verwikkelinge. Dit verg nogal moed, omdat 'n mens jouself in die proses aan kritiek blootstel." As rubriekskrywer vir 'n koerant sien prof Sipho homself as 'n stroomop-loper wat weier om deel van die kudde te word.

"Ek was 'n rubriekskrywer vir die *Mail & Guardian* asook vir *Business Day,* en my skryfwerk het my posisie as stroomop-loper weerspieël. Albei koerante het vir my daardie ruimte gelaat.

"Ek sien myself primêr as 'n onderwyser – om fisika te doseer en politieke ontleding te doen, stem ooreen, want albei gaan uiteindelik oor die deel van idees," sê hy.

Stilsit is min en **ophou nog minder**

Van baie dinge weet prof Johann Coetzee baie, maar daar is een ding waarvan hy niks weet nie, en dit is stilsit.

Hoeveel aktiwiteite kan 'n mens dan in 'n enkele leeftyd inpas?

Kom ons kyk: Bedryf- en raadplegende sielkundige. Menslike ontwikkelingskonsultant. Professor aan twee universiteite. Twee Comrades Marathon-medaljes. 'n Silwerkruis vir lewensredding. Vrystaatse provinsiale kleure vir rugby, swem en waterpolo. Helikoptervlieënier. Skrywer van sewe boeke. Lid van Krieket SA se afrigters-keuringskomitee. Postdoktorale studies in Forensiese Medisyne en Etiek en Filosofie.

Dit alles kan jy in een leeftyd doen as jy prof Johann Coetzee, alumnus van die NWU se Vaaldriehoekkampus is.

Prof Johann se verbintenis met die NWU het in 1979 begin toe hy by die Vaaldriehoekkampus ingeskryf het vir sy meestersgraadstudies. In daardie stadium was die kampus nog deel van die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. Hy is toe ook aangestel as professor in Bedryfsielkunde en by die Bestuurskool.

Vir altyd 'n student

Sy akademiese kwalifikasies dek 'n wye veld en dit lyk nie asof hy enigsins in die toekoms van plan is om die boeke weg te pak nie.

"Wanneer 'n mens jou in die toegepaste gedragswetenskap bevind moet jy 'n ewige student bly. Omdat ek inherent lui is, is dit vir my goeie dissipline om maar 'n geregistreerde student te wees sodat daar toesig kan wees oor my pogings en vordering," sê hy.

Deur die jare het hy sy kennis en ondervinding met meer as 27 000 bestuurders gedeel.

"My raad aan bestuurders en leiers was hoofsaaklik rondom selfbestuur, selfgelding, persoonlike en professionele geborgenheid, en in die jongste tyd veral die handhawing van 'n gebalanseerde en geïntegreerde lewenstyl," sê hy.

Baie mense het hom ook in 'n terapeutiese of sielkundige konteks gespreek, en dan het hy oorwegend probeer om hulle rondom die positiewe te inspireer – trouens, hy streef steeds daarna.

Hope hooi op sy vurk

Met so baie hooi op een vurk is daar daagliks baie uitdagings om te oorkom.

"My grootste uitdaging is om nie te veel te werk nie," bieg hy. "Ek is inderdaad daaraan skuldig (en ook skaam) dat ek soms werklik te hard gewerk en myself en ander in die proses afgeskeep het.

Hy reik steeds hoër: Een van die baie vaardighede wat prof Johann Coetzee in sy leeftyd bemeester het, is om 'n helikopter te vlieg.

"Ek glo dat hierdie nie 'n unieke situasie is nie, maar ongelukkig universeel.

"Soveel mense doen gewoon net te veel en in die proses ly ander as gevolg daarvan en vertroebel dit verhoudings wat tog immers net soveel belangriker is as werk."

Keuring vir krieket

Meer onlangs was prof Johann in die nuus omdat hy deel was van Krieket Suid-Afrika se keuringskomitee wat 'n nuwe afrigter vir die nasionale krieketspan moes kies.

Met sy kenmerkende beskeidenheid laat prof Johann dié taak alledaags klink.

"Krieket Suid-Afrika het iemand nodig gehad wat 'n objektiewe en professionele inset kan lewer om die nuwe afrigter van die Proteas te evalueer.

Dis waar ek toe ingekom het," vertel hy.

Sy hart se punt

Prof Johann en sy vrou, Irma, woon in Henley on Klip in Gauteng. Hulle het mekaar ontmoet op die eerste dag toe hulle by die by die Universiteit van die Vrystaat aangekom het en is vier jaar daarna – in 1970 – getroud.

"Sy was 'n *girl* wat anders was – boksterte langs die kop, tekkies en styl. Sjoe!," onthou hy met 'n glimlag.

Die egpaar het vier kinders gehad – André, Jeanie, Karin en Johann. "Jeanie is in 1994 in haar slaap oorlede en dit is die mees verbysterende ervaring wat enige mens kan beleef en ek inderdaad ervaar het. Ek huil elke dag baie, maar ek huil al anders!"

Prof Johann-hulle het ook twee kleinkinders, Milla en Tina. "Kleinkinders is die sieraad van jou lewe en die grootste geskenk wat die Here vir jou kan gee, via jou eie kinders," sê hy.

Lewenslesse

Tot dusver het die lewe prof Johann geleer om die lewe te kies en dit dan voluit te lééf.

"Geloof en godsdiens is die wese van my lewe en die perspektiewe waaruit ek die lewe aandurf. Dit is wonderlik om elke dag met opwinding te kan aandurf, en om al die verskillende dimensies van die lewe te kan raaksien en te geniet."

Dalk is daar tog iets waarvan prof Johann minder weet as van stilsit. Dit is van ophou om verder te reik as wat jy gedink het jy kan. Ja-nee, met hom is die kanse vir stilsit min, en ophou nog minder.

Werkgewer vs werknemer – 'n kwessie van balans

As bedryfsielkundige is daar min dinge wat jy prof Johann omtrent arbeidsgedinge kan vertel. Hy het dan ook heelwat raad hieroor.

"Sakelui, en ook organisasies, moet die unieke arbeidsituasie in Suid-Afrika nie vanuit regstegniese perspektiewe benader nie, maar vanuit 'n medemenslike konteks," sê hy.

Dit gaan egter nie oor 'n slaafse omhelsing van mense en veral van die georganiseerde arbeid nie, maar die bestendige toepassing van dissipline, met liefdevolle oorleg daarby, glo hy.

Daar is egter enorme uitdagings, veral ten opsigte van die absurde gaping tussen topbestuurvergoeding en dié van laer vlakke, sê prof Johann. Hy glo dit het handuit geruk en diskrediteer die integriteit van individue en organisasies.

In die weegskaal

Om die regte van die arbeider teen die regte van die werkgewer op te weeg is taamlik ingewikkeld. "My pa het my destyds geleer dat 'n mens nie regte het nie, maar net voorregte," vertel hy." In wese hou ek hierby as 'n filosofie, maar ook as inspirasie.

"Om te kan werk is 'n voorreg, en dit is die vertrekpunt waarmee ek alle situasies benader, eerder as die uitbuitende ingesteldheid van enige party."

Waar daar wel uitbuiting is – en daaroor bestaan daar volgens hom ook geen twyfel nie – moet die regsproses uiteraard volg.

Dit moet egter altyd gedrewe wees deur wedersydse billikheid, omdat die werkgewer net soveel verantwoordelikheid en regte het om werk te verskaf en die organisasie te bedryf, as wat die werknemer het as die verskaffer van arbeid.

Arbeidswette

Hy reken Suid-Afrika het waarskynlik die mees gesofistikeerde en gevorderde arbeidswetgewing van alle lande.

"Ons Handves van Menseregte, Hoofstuk 2 van die Grondwet van SA, is 'n instrument wat enige organisasie kan help om billikheid en regverdigheid om te sit in beleid en prosedures," sê hy.

Wyse woorde uit sy pen

'n Hele paar boeke het reeds uit prof Johann se pen verskyn. Van die meer formele boeke was byvoorbeeld *Beroepsbekering: Konfrontasie, krisis en kentering.*

Omdat hy dit geniet om te skryf is daar ook twee ander boeke gepubliseer – *Paulus se Broer,* en *A Hatful of Memories.* Twee voltooide manuskripte – *Van Doerietyd tot Netnou* en *Tussen die Reëls*: *'n Klomp Korporatiewe Koddighede* – sal binnekort op die rakke sal wees.

Die ontstaan van nog 'n boek, *It's About Time,* het 'n intense aanloop gehad. "Op 11 Junie 2010, die dag wat die wêreldbekersokker in Suid-Afrika afgeskop het, was ek vir 'n operasie in 'n hospitaal in Pretoria," vertel hy.

"Die operasie was suksesvol, maar om een of ander onverklaarbare rede het ek ernstige hartversaking gekry en is ek dankbaar dat ek dit wel oorleef het. Tydens die operasie is daar ook kanker ontdek en verwyder en ek is tans in remissie, waaroor ek baie dankbaar is."

Prof Johann het *It's About Time* saamgestel na aanleiding van hierdie belewenisse. In hierdie boek skryf hy oor wat hy deur die jare vir ander mense voorgehou het as perspektiewe rondom selfbestuur en veral oor hoe om jou tyd en geleenthede die beste te benut.

Katlego skitter in vermaaklikheidsbedryf

Wanneer 'n mens kyk na die lewe van mnr Katlego Maboe, alombekende lid van die a capella-sanggroep, Flip a Coin, en aanbieder op TV3 se vroegoggendprogram, Expresso, is dit duidelik dat 'n opwindende toekoms vol geleenthede op hom wag. Die NWU & U het by dié alumnus van die Potchefstroomkampus meer gaan uitvind oor sy lewe as student, hoekom hy mense graag vermaak, en waar alles begin het.

Dit inspireer hom as hy mense kan beïnvloed en dit vul hom met vreugde dat hy elke dag nuwe mense kan ontmoet en by hulle kan leer.

So sê Katlego Maboe, oud-inwoner van Veritas-manskoshuis op die Potchefstroom-kampus.

"Daar is 'n brandende gevoel diep binne my dat ek die wêreld 'n beter plek moet maak," verduidelik hy. "Ek is in 'n posisie om die beste te doen met dit wat aan my geskenk is en 'n positiewe verskil in lewens te maak. Ek kan nie nou laat slap lê nie."

Sêr (die sanggroepe van die koshuise) en Veritas, en die BCom-graad wat hy in 2007 behaal het, vertel die storie van sy studente-dae. "Die beste jare van my lewe... Sjoe, nou moet ek my woorde mooi kies!" grap hy.

Lekker gekuier

"Ek het hard geswot, maar ook hard gekuier wanneer ek die kans gekry het," ... en dan fluister hy dat sy ma hopelik nie hierdie stukkie sal lees nie.

"Op die ou end het ek my graad gekry, boonop met lekkerkry!"

Wat die jare in Veritas veral vir hom spesiaal gemaak het, was sterk vriendskap, "En natuurlik Sêr," voeg hy by. "Wat sou my lewe daarsonder wees?"

Op universiteit het hy homself leer ken deur sy eie waardes te ontdek en te leer wat integriteit beteken. "Baie dankie aan die NWU vir al die bydraes wat julle in my lewe gemaak het, vir die vriendskappe en die aanmoediging. Sonder julle was ek nie waar ek nou is nie. O, en 'TAS TAS VERITAS'!"

Katlego sê sy gunsteling-uithangplek op 'n Vrydagaand was die kuierplekke Picasso's en Bourbons. Elke nou en dan sou hy ook "die goeie ou Draak" (die Drakenstein-restaurant op die kampus) besoek.

'n Kop vir syfers

Hy het gou besef 'n "kop vir besigheid" is belangrik in die vermaaklikheidswêreld. Daarby doen hy self die finansies van sy oupa se taxi-onderneming en het hy sy eie klein sake-onderneming begin.

Katlego is lid van die a capella-sanggroep, Flip a Coin. Hier is hy saam met ander lede van die groep. Hulle is van links Michael de Villiers, Johan Venter, Stefan Pretorius, Katlego en Niekie van der Walt.

Dit was aanvanklik nie regtig sy keuse om in Potchefstroom te studeer nie. “Ek wou eerder Tukkies toe gaan, maar ek was gelukkig en geseënd om ’n beurs by die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe te kry. My ma het my oortuig, toe stem ek saam – daarna het ek nog nooit weer teruggekyk nie,” sê hy glimlaggend.

Katlego het in Potchefstroom grootgeword by ouma Ellen en oupa Salthiel, terwyl ma Beauty in Itsoseng in Lichtenburg gewerk het. “Ek is een van twee kinders, en my sussie se naam is Thato. Sy is 14.”

Sy oupa inspireer hom en sy invloed, glo Katlego, het hom gebring waar hy vandag is. “Ek het by hom geleer hoe belangrik dit is om hard te werk. Met sy aanmoediging het ek elke oggend vyfuur opgestaan en my dag begin deur die erf buite skoon te vee. My oupa is nou 78 en het nog steeds die energie van ’n jong man.”

Onderkry is min

Niks kry Katlego sommer onder nie. Al wat pla is dat hy nog nie geleer het om te swem nie, en dat party mense dit moeilik vind om die “tl” in sy naam uit te spreek – soms voel hy verleë as hulle dit verkeerd uitspreek. So het dit gebeur dat mense hom maar sommer Kat noem.

In die musiekgroep, Flip a Coin, het Katlego gou bekendheid verwerf. Deesdae vermaak hy mense van alle kultuurgroepe met sy besondere stem en warm persoonlikheid. Hy sê die verhouding met sy medekunstenaars en die Sêr-ouens in die koshuis speel steeds ’n groot rol in sy sukses.

“Deur ons musiek en die jare saam het ek die belangrikheid van spanwerk geleer. Soos hulle in Engels sê: There is no ‘I’ in team.” Al is hulle oor die land versprei, is Flip a Coin steeds aan die gang en sing hulle graag waar daar geleenthede is.

Katlego sê hy is weer genooi vir die musiekfees, die Huisgenoot Skouspel en hy kry ook nou en dan ’n kans om op Expresso te sing. Sy vryetyd is beperk, maar dis dan wanneer hy kitaar speel en liedjies skryf.

Daar kom dalk later ’n CD, sê hy. Hy glo dit is met die Here se seën dat die toekoms sommer baie helder en blink wink.

Mnr Katlego Maboe het onlangs by die NWU se Wys wat jy weet-kompetisie as seremoniemeester opgetree. Dié vasvra was deel van die NWU se Interkampus Sosiale Dag vir personeel, wat op die Mafikengkampus gehou is. Katlego het die kompetisie gemaklik in drie tale – Afrikaans, Engels en Setswana – gelei.

Dakar op motorfiets gevolg

Om die 2012-Dakar-wedren per motorfiets te volg, is nie kinderspeletjies nie – vra maar vir prof Hein Prinsloo van Bestuurswetenskappe in die Fakulteit Handel en Administrasie op die Mafikengkampus wat saam met twee vriende dié avontuurrit aangepak het.

Met gehuurde motorfietse het prof Hein Prinsloo saam met twee vriende die Dakar-wedren gevolg 'n paar dae nadat dit op 1 Januarie 2012 in die Argentynse kusdorp Mar del Plata begin het.

"Dit is dié toeskouergeleentheid – deesdae selfs nog groter as die Tour de France," sê prof Hein.

Hordes ondersteuners

'n Horde ondersteuningspanne, vriende en familie, lede van die media en toeskouers het die 465 motors, bakkies, motorfietse en vierwiel-motorfietse wat deelgeneem het, vergesel. Tussen dié toeskouers was daar heelwat Suid-Afrikaners met motorfietse, sê prof Hein.

Ná 'n gedeelte deur Chili het die wedren op 15 Januarie in Lima, die hoofstad van Peru, geëindig. Gedurende die twee weke van die wedren is byna 9 000 km afgelê waartydens deelnemers duine, modder, kameelgras en rotse moes trotseer. "Die ruwe omstandighede was net so moeilik vir die toeskouers as vir die deelnemers," sê prof Hein. "Ons moes alles saam met ons vat: van klere, water en kos, tot gereedskap en beskermende toerusting in geval van koue of reënweer."

Boonop het hulle in die oop veld geslaap en het dit – ten spyte van die dae wat uiters warm was – snags baie koud geword.

Vroeg uit die vere

Soggens vieruur was opstaantyd – dan het die drie Suid-Afrikaners gesorg dat hulle voor die ander toeskouers by goeie uitkykpunte kom vanwaar hulle die deelnemers kon dophou.

In die proses het hulle 'n paar keer in die dik sand neergeslaan, maar gelukkig het hulle darem sonder letsels daarvan afgekom. By die Andesgebergte, kort voor hulle die grens na Chili oorgesteek het, het prof Hein en sy vriende die Dakar-avonturiers verlaat.

Dié berge, sê prof Hein, is majestueus en uitsonderlik – glad nie soos ons berge nie. Maar dié rit was alles behalwe maklik. "Die weer was onvoorspelbaar en die paaie sleg. Twee van ons motorfietse is byna deur vloedwater meegesleur." Die drie vriende het 'n 1 000 km lange ompad deur die landbougebied suidwes van Buenos Aires gevolg voor hulle weer by die Dakar-deelnemers aangesluit het. Langs dié roete het hulle deur verskeie dorpe gery.

Die hartklop van 'n dorp

"Die plein is die hart van elke dorp," vertel prof Hein."Van sonsondergang af kom die dorpenaars daar bymekaar om kos, musiek en mekaar se geselskap te geniet en dikwels bly hulle daar tot in die vroeë oggendure. Geen wonder besighede maak soggens eers ná nege oop nie!"

As gevolg van die intense hitte, is 'n middag-siesta ook algemeen in dié dorpe.

Prof Hein sê toe hy ná vyf weke by die huis kom, was hy veel armer, maar ook veel plomper – te danke aan die gasvryheid van die Argentyne wat baie hou van vleis, slaaie en bier. Prof Hein sê hy sal die avontuur weer aanpak, maar net as hy volgende keer sy eie, bekende motorfiets kan saamvat.

Avontuurlik, avontuurliker… Dakar

Die Dakar-wedren is 'n jaarlikse veld-uithourit vir verskeie soorte voertuie. Sedert die eerste wedren in 1978, het die meeste in Parys, Frankryk begin en in Dakar, Senegal geëindig. Sedert 2009 vind dit egter in Suid-Amerika plaas. Sowat 80% van die deelnemers is amateurs en die res professionele jaers.

Die Fransman, Stéphane Peterhansel, wat die wedren al 10 keer gewen het, het ook die 2012-wedren saam met sy medebestuurder, Jean-Paul Cottret, gewen. Suid-Afrika se Giniel de Villiers en sy Duitse medebestuurder, Dirk von Zitzewitz, in hul Toyota Hilux was derde.

Tydens hul Dakar-avontuur: Saam met prof Hein Prinsloo (middel) is sy twee vriende, Steve Landman (links) en Nardus du Preez (regs). Albei vriende is van Oos-Londen. Steve kompeteer self in die nasionale "enduro" of uithou-kampioenskappe en vir Nardus het prof Hein in Malawi tydens 'n ander motorfiets-avontuur ontmoet.

Heel liks: Die oorspronklike Diana het baie letsels oorgehou van haar vroeëre avonture. Links: Met die Aardklop Kunstefees in 2009 het die studente Diana in 'n veelkleurige feesrokkie uitgedos.

Diana, die olifantkoei, staan deesdae vreedsaam in haar dammetjie terwyl die inwoners van die Ratau Lebone-manskoshuis 'n wakende oog oor haar hou. Hier salueer 'n paar van die koshuis se huiskomiteelede haar.

Diana simboliseer nou **eenheid**

Diana, die olifantjie-standbeeld in die Chatarina-dammetjie* voor die hoofgebou van die Fakulteit Opvoedingswetenskappe op die Potchefstroomkampus, spog deesdae met 'n vietse voorblad-voorkoms.

Die "glam-goeroes" wat haar en haar blyplek onder hande geneem het, is die tweedejaars van die manskoshuis Ratau-Lebone.

Dié koshuis het onlangs die gebou oorkant hulle, nou weer bekend as Ratau Lebone Suid, in hergebruik geneem, nadat die manskoshuis, Laureus, dit vir jare lank bewoon het.

Diana se dammetjie is in die middel van die twee geboue en word deur die inwoners as die simbool van eenheid beskou. Vandaar dus die mooimaak-sessie waarby Diana toe ook gebaat het.

Vanmelewe se olifant

Diana is egter nie meer vandag se olifant nie – sy kom nog uit die dae van die voormalige Potchefstroomse Onderwyskollege (POK).

In daardie jare was die oorspronklike Diana 'n tuinornament wat male sonder tal deur studente geverf of ontvoer is. Die skuldiges was meestal die "pampoenboere" van die destydse Potchefstroomse Landboukollege of studente van die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Danksy die onverskrokke bevrydingspogings deur onderwysstudente, het sy haar pad darem altyd weer teruggevind tot op die voormalige POK-kampus. Dis nou totdat die pampoenboere haar by "Gimmies se Gat", 'n diep poel in die Mooirivier, weggegooi het en sy eers 'n ruk daarna toevallig deur iemand raakgesien en gered is.

Ná haar traumatiese ondervinding het die oorspronklike, ietwat gehawende Diana uiteindelik in die Opvoedkunde-museum "afgetree". Intussen het prof John Botha, 'n kunsgeskiedenisdosent, opdrag gekry om 'n replika van haar te maak – dié keer 'n behoorlike kunswerk.

'n Minister onthul haar

